## Graad R-taalverbeterings-program

# Aktiwiteitsgids

## Kwartaal 1



**Afrikaans**

Hierdie Konsepgids is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Vertaling en verwerking: Laetitia Bedeker

Afrikaans redigering en proeflees: Ilse von Zeuner

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Ontwerp: Jacqui Botha

Afrikaans Setwerk: Lisa Borman van Intheworx Designs

# Inhoud

Voorwoord van die Departementshoof.......... 4

**INLEIDING**
Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 1 .......... 5
Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R .......... 6
Die Huistaal-tweeweek-siklus .......... 7
Programaktiwiteite is in lyn met die KABV .......... 9

**DIE GROEN ROK**
Storie .......... 11
Liedjie en woordeskat uit die storie .......... 12
Week 1 .......... 13
Week 2 .......... 16

**HARDLOOP, LINDI, HARDLOOP**
Storie .......... 19
Liedjie en woordeskat uit die storie .......... 20
Week 1 .......... 21
Week 2 .......... 26

**ALI EN DIE VERF**
Storie .......... 31
Liedjie en woordeskat uit die storie .......... 32
Week 1 .......... 33
Week 2 .......... 40

**'N PRAGTIGE DAG**
Storie .......... 46
Liedjie en woordeskat uit die storie .......... 47
Week 1 .......... 48
Week 2 .......... 55

**JUFFROU AKINYI**
Storie .......... 62
Liedjie en woordeskat uit die storie .......... 63
Week 1 .......... 64
Week 2 .......... 71

**ASSESSERINGS**
Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys) .......... 78
Luister en praat Rubriek 1 en 2.......... 79
Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3.......... 80
Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3.......... 81

Hoe om speeldeeg en 'n klein boekie te maak .......... 82

Aktiwiteitsbladsye.......... 83

# ★ Voorwoord van die Departementshoof

UNITY IN DIVERSITY

**GAUTENG PROVINCE**
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GGT2030**
GROWING GAUTENG TOGETHER

Dear Teacher/Practitioner

Welcome to the training of the Grade R teachers/practitioners. The Gauteng Department of Education (GDE) has prioritized Early Childhood Development as its Strategic Goal 1. This is to ensure that we can lay a solid foundation and seamless transitioning of learners to Grade 1.

The Grade R Mathematics and Language Improvement Project has been developed to provide the much-needed classroom based support for the Grade R teachers/practitioners in Gauteng. It is about classroom practices with exciting techniques and methodology most appropriate for Grade R Teaching and Learning. This is in response to a study that reported that 65% of children across South Africa have not mastered the skills required to be able to succeed in Literacy and Numeracy when entering Grade 1. This project is intended to support the Grade R practitioners/teachers to address this challenge.

The Department's expectation is that you are ready to learn and be a more empowered Grade R teacher/practitioner. Your commitment to the training process and thereafter the implementation of lessons learnt in your classroom will contribute to the improvement of Grade R learner readiness for Grade 1.

We trust that this intervention will help enhance your potential, innovation and creativity as you lay an important foundation for learning of our children. This project would not have been possible without the support of our partners. The GDE is grateful for the support of the GEDT, Zenex Foundation and USAID who contributed to this initiative.

I trust you will learn a great deal from this training programme and improve the learning experience of the young children in your care.

Yours Sincerely

**MR EDWARD MOSUWE**
**HEAD OF DEPARTMENT**
**DATE:** 3/6/2020

Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 4 2021/12/10 14:14

# Inleiding

## Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 1

Die Huistaal-aktiwiteitsgids vir Kwartaal 1 bied 'n struktuur vir die onderrig van Huistaal in die eerste kwartaal van Graad R. Die aktiwiteite is gegrond op stories en is volgens 'n tweeweek-onderrigsiklus vir elke storie gestruktureer.

Jy sal die volgende hierin vind:

- Lys van wat jy vir elke tweeweek-storiesiklus moet voorberei
- Tweeweek-siklus wat die aktiwiteite vir elke dag vir twee weke uiteensit
- Deurlopende assesseringsblad op grond van die kwartaal se aktiwiteite wat gebruik kan word om die leerders se vordering deur die kwartaal op te teken
- Assesseringsrubrieke
- Fotokopieerbare aktiwiteitsblaaie, klein boekies en lettertemplate.

### Ontmoet vir Stella



Jy sal sien dat daar deurgaans 'n onderwyser in hierdie Onderwysersgids teenwoordig is. Sy sal jou geselskap hou op jou leerreis en sal dikwels raad gee op grond van haar jare lange ervaring in die Graad R-klaskamer. Sy het 'n spesiale naam wat van die Engels afgelei is:

**S**trengthening the **T**eaching of **E**arly **L**anguage and **L**iteracy for **A**ll.

## Hulpbronne

Hier is 'n oorsig van die stories, verwante temas en fokusletters vir Kwartaal 1.

| Storie | Tema | Fokusletters/-klanke |
|---|---|---|
| **Die groen rok** | Ek; By die skool | – |
| **Hardloop, Lindi, hardloop** | Ek; My liggaam; Gesonde leefwyse | **m** en **b** |
| **Ali en die verf** | My liggaam; Vorms en kleure rondom ons | **v** en **p** |
| **'n Pragtige dag** | Somer; My liggaam; Gesonde leefwyse | **s** en **t** |
| **Juffrou Akinyi** | In die klaskamer; Vorms en kleure rondom ons; Dae van die week | **g** en **l** |

Jy sal met verloop van tyd jou eie hulpbronne moet versamel om die program te onderrig. Party word as deel van die program vir jou gegee, party moet jy versamel en party kan jy self maak. Ons stel voor dat jy jou lesse aan die begin van elke week beplan en al die materiale wat jy sal benodig vooruit voorberei. Maak seker dat alles gereed is voordat jy met die lesse begin sodat jy jou tyd met die leerders ten beste kan benut.

### Taalhulpbronpak

Jy sal met elke kwartaal se Aktiwiteitsgids 'n hulpbronpak ontvang wat die volgende bevat:

- Handpoppe vir elke storie
- Opeenvolgende prente vir elke storie
- 'n Groot Boek vir elke storie
- Speletjies en legkaarte.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 5 2021/12/10 14:14

### Hulpbronne wat jy moet versamel of koop

- Rekwisiete en kostuums wat met die storie verband hou om tydens storievertelling, voorgee-spel en rolspel te gebruik
- Afvalmateriaal vir kuns- en bou-aktiwiteite
- Gedrukte materiaal wat met elke storie verband hou: prenteboeke, winkelbrosjures, tydskrifte en plakkate
- Groot vetkryte, verf en verfkwaste
- Skêre, gom en tou
- A4-papier, karton en blaaibordpapier
- ’n Spieëltjie
- Plastiekhouers (jogurt-, margarien- en roomysbakke)
- ’n Boontjiesak of ’n blokkie
- Klein houers (jy kan die onderste helfte van ’n plastiekbottel gebruik) en sade om te plant.

### Voorbereiding vir elke storie

- Berei die handpoppe voor deur hulle op roomysstokkies of toiletrolle vas te plak.
- Versamel rekwisiete vir storievertelling, rolspel en voorgee-spel.
- Maak vir elke leerder ’n fotokopie van die aktiwiteitsblaaie.
- Berei die speletjies en legkaarte voor en bewaar dit in ’n houer.
- Maak speeldeeg en speeldeegmatte (die resep is by die aktiwiteitsblaaie ingesluit).
- Fotokopieer en vou ’n klein boekie vir elke leerder (vind instruksies hiervoor op die aktiwiteitsblaaie).
- Maak twee letterhouers vir elke storie: Vul leë roomysbakke met voorwerpe (of prente van voorwerpe) wat met die spesifieke klank begin. Die **s**-houer sal byvoorbeeld voorwerpe bevat wat met die klank **/s/** begin. Gebruik die woordelyste om jou te help om items vir die houers te kies. Merk elke letterhouer deur die lettertemplaat daarop te plak. Dit is ’n goeie idee om die template na te trek op materiaal wat ’n ryk sensoriese ervaring bied, byvoorbeeld, vilt, sponsrubber of skuurpapier, sodat die leerders die vorm van elke letter kan voel.

## Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R

Die Huistaal-fokustyd sluit heleklas- en kleingroep-aktiwiteite vir elke dag in. Aktiwiteite word op verskillende maniere georganiseer:

- Die onderwyser gee leiding van voor in die klas.
- Die onderwyser sit met ’n klein groepie om leiding te gee en saam met die leerders te werk.
- Die onderwyser verduidelik ’n aktiwiteit en laat die leerders dan meer onafhanklik in groepe werk.

Die tweeweek-siklus sit die daaglikse aktiwiteite vir twee weke uiteen. Die aktiwiteite is ontwerp om die taal van die storie te ontwikkel en te versterk, en ontwikkel belangrike geletterdheidskonsepte in ’n betekenisvolle storiekonteks. Die struktuur word vir elke tweeweek-siklus herhaal. Hierdie roetine raak bekend en is tot voordeel van sowel die onderwyser as leerders. Onderwysers kry meer selfvertroue om op hierdie manier te onderrig en leerders voel veilig wanneer hulle weet wat van hulle verwag word.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 6 2021/12/10 14:14

# Die Huistaal-tweeweek-siklus

## Week 1

| **Heleklas-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat** | **Storievertelling en sang** | **Storievertelling en rolspel** | **Opeenvolgende prente** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders hoor die storie vir die eerste keer terwyl hulle nuwe woordeskat leer. | Leerders luister weer na die storie en sing 'n liedjie verbonde aan die storie. | Leerders vertolk verskillende rolle en gebruik die storietaal self terwyl die storie vertel word. | Leerders vertel die storie weer deur prente te gebruik. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur 'n voorwerp te maak, 'n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel 'n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan 'n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 7 2021/12/10 14:14

## Week 2

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Nog opeenvolgende prente** | **Gedeelde lees – Groot Boek** | **Leer om te luister** | **Lees en doen** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders konsolideer hulle storiekennis meer onafhanklik met opeenvolgende prente. | Leerders luister na ’n bekende storie wat vir hulle voorgelees word terwyl die onderwyser die leesproses demonstreer. | Leerders luister goed en volg mondelinge instruksies. | Leerders vertolk geskrewe en prentleidrade. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur ’n voorwerp te maak, ’n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel ’n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan ’n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle ’n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |

| Klein-groep-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 8 2021/12/10 14:14

# Programaktiwiteite is in lyn met die KABV

Hierdie tabel toon hoe die aktiwiteite van die tweeweek-siklus spesifieke KABV-taalvaardighede ontwikkel, en ook hoe jy hierdie aktiwiteite kan gebruik om leerders se vordering teen KABV-assesseringskriteria te meet.

| Tweeweek-siklus | Heleklas-storiegebaseerde aktiwiteite | KABV-taal-vaardighede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| | | | (afgelei van die KABV-assesseringskriteria) | |
| **Week 1**: Maandag | Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat | Luister en praat | Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye<br>Vra vrae | |
| Dinsdag | Storievertelling en sang | Luister en praat | Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit (met hulp) | |
| Woensdag | Storievertelling en rolspel | Lees en kyk | Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies | |
| Donderdag | Opeenvolgende prente | Luister en praat | | **Luister en praat – Rubriek 1**: Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |
| **Week 2**: Maandag | Nog opeenvolgende prente | Luister en praat<br>Lees en kyk | | **Luister en praat – Rubriek 2**: Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is |
| Dinsdag | Gedeelde lees – Groot Boek | Lees en kyk | "Lees" vergrote tekste soos gedigte, Groot Boeke en plakkate as 'n heleklas-aktiwiteit saam met die onderwyser | |
| Woensdag | Leer om te luister | Luister en praat | Luister na eenvoudige instruksies en voer dit uit | |
| Donderdag | Lees en doen | Lees en kyk | Herken eie naam en die name van sommige maats in die klas | |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 9 2021/12/10 14:14


| Tweeweek-siklus | Heleklas-letter- en klank-aktiwiteite | KABV-taal-vaardig-hede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Stel 'n klank uit die storie bekend | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Dinsdag | Vorm die letter | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Woensdag | Letterhouers | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Donderdag | Luister vir fokusklanke | Klanke | Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van hulle eie naam | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 2**: Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde |
| Vrydag | Samesmelting en verdeling | Klanke | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap of gebruik tromslae op elke lettergreep in die woord of identifiseer die hoeveelheid lettergrepe (klappe) in die name van die kinders in die klas | |

| Tweeweek-siklus | Kleingroep-aktiwiteite | KABV-taal-vaardig-hede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Teken en ontluikende skryf | Ontluikende skryf | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken<br>Hou vetkryte reg vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 2**: Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee<br>**Rubriek 3**: Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels |
| Dinsdag | Legkaarte en speletjies | Klanke<br>Luister en praat | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Woensdag | Selfstandige lees | Lees en kyk | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek/klaskamer se leeshoekie<br>Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 3**: Maak eie storie op deur die prente te "lees" |
| Donderdag | Fynmotoriese vaardighede en handskrif | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting<br>Boots bekende letters in eie naam na om skryfwerk voor te stel: boots eie naam na<br>Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms, ens. uit te knip | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Vrydag | Voorgee-spel | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete<br>Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies | |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 10 2021/12/10 14:14

# Die groen rok




## Storie

Vandag se storie gaan oor 'n meisie met die naam Zinzi Madiswa. Sy is amper ses jaar oud. Dit is haar broer, Sam. Hy is tien jaar oud. Hulle woon in 'n huisie saam met hulle ma en pa en 'n hondjie met die naam Sokkies. Hulle adres is Pokelaweg 7, Masiphumelele.



Sam en Zinzi gaan na dieselfde skool. Mamma maak elke oggend vir hulle pap met melk vir ontbyt. Ná ontbyt stap hulle skool toe. Wil julle hoor wat een oggend gebeur het terwyl hulle besig was om reg te maak vir skool?

Een oggend is Sam besig om aan te trek vir skool terwyl Mamma ontbyt maak. Sam trek sy grys kortbroek, wit hemp, grys sokkies en swart skoene aan. Zinzi is nog in haar pajamas en lyk baie bekommerd. Sam sê vir haar: "Zinzi, jy kan nie in jou pajamas skool toe gaan nie! Waar is jou skoolrok? Maak gou! Ons gaan laat wees!"

"Ek weet dit is laat," sê sy. "Maar ek kry nêrens my groen rok nie." Waar kan dit wees? Hulle kyk onder die bed en agter die deur, maar hulle sien nêrens haar groen rok nie.

Ai, arme Zinzi! Sy is baie bekommerd en is na aan trane. Net toe hoor Zinzi en Sam 'n geluid. "Grrr-grrr." Die geluid is baie sag en hulle moet mooi luister. "Wat is dit? Dit klink soos Sokkies. Waar is hy?" vra Zinzi.

"Sjuut! Kom ons luister weer," sê Zinzi. Hulle luister mooi en hoor: "Grrr-grrr." Sam sê: "Dis Sokkies! Maar waar is hy?" Hulle luister weer. "Grrr-grrr." Die geluid kom uit die gangkas. Zinzi hardloop kas toe en maak die deur oop. Daar is Sokkies binne-in die kas, maar ag nee, hy lê op haar rok!



Zinzi tel vir Sokkies op en sê: "Sokkies, hoe het jy in die kas beland? Ag nee, kyk hoe lyk my rok!" Sam vat die groen rok en skud dit so. Zinzi kyk na haar rok en begin sommer baie beter voel.



Zinzi trek haar rok aan en toe eet die kinders vinnig hulle ontbyt. Hulle was hulle hande, sit hulle maskers aan en waai vir Mamma totsiens. Zinzi en Sam hardloop so vinnig as wat hulle kan skool toe. Hulle kom by die skool aan net toe die klok lui. Hulle is baie bly dat hulle nie laat is nie!

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 11 2021/12/10 14:14

## Liedjie



Zinzi soek haar rok
Zinzi soek haar rok
Zinzi soek haar rok
Waar dink jy kan dit wees?

Is dit onder die bed?
Is dit onder die bed?
Is dit onder die bed?
Waar dink jy kan dit wees?

Is dit agter die deur?
Is dit agter die deur?
Is dit agter die deur?
Waar dink jy kan dit wees?

Hoor jy daai geluid?
Hoor jy daai geluid?
Hoor jy daai geluid?
Waar dink jy kan dit wees?

Kom ons kyk in die kas
Kom ons kyk in die kas
Kom ons kyk in die kas
Wie lê hier in die kas?

Sokkies lê op die rok
Sokkies lê op die rok
Sokkies lê op die rok
Zinzi en Sam is so bly!

*(Sing op die wysie van "Here we go loopty-loo" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutel-woorde:** | **rok** | **groen** | **bekommerd** | **laat** | **geluid** | **kry** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | adres | pajamas | ontbyt | kas | kyk | luister |
| | pap | agter | onder | sag | gou | trek aan |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 12 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Storie: *Die groen rok*
- Handpoppe: Zinzi, Sam, mnr. en mev. Madiswa, Sokkies, groen rok, pajamas
- Rekwisiete: 'n groen rok of groen lap, pajamas, 'n ou boks vir 'n kas
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys

Stella sê:



*Lees die storie eers self 'n paar keer deur. Oefen by die huis om die storie te vertel voordat jy dit voor die klas doen. Hoe meer selfversekerd jy voel, hoe makliker sal jy die storie natuurlik kan vertel. Jy hoef nie die woorde uit jou kop uit te leer nie – jy kan die storie in jou eie woorde vertel.*

# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens: Gesels oor hulle ouderdom, of hulle broers of susters het, waar hulle woon, hoe hulle by die skool kom, wat hulle skool toe aantrek.

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Trek 'n bekommerde gesig en vra die leerders om vir jou te wys hoe hulle lyk wanneer hulle bekommerd is. Vra hulle om die woord in hulle eie taal te sê as hulle 'n ander huistaal het.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme.

2.2 Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.3 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Ek wonder hoe Zinzi gevoel het toe hulle op pad was skool toe?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle 'n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê 'n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 13 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Rekwisiete: 'n groen rok of groen lap, pajamas, 'n ou boks vir 'n kas



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: *"Wie kan onthou hoe ons gesigte lyk wanneer ons 'bekommerd' is?"*
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 14 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**


- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder met die titel van die storie boaan geskryf
- Groot vetkryte

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2. Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".
3. Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle. Byvoorbeeld: *"Het julle gehou van die deel waar Zinzi vir Sokkies in die kas gekry het?"* Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
4. Lewer kommentaar of vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel.
5. Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf. Party leerders sal dalk net 'n paar woorde oor hulle prente kan sê.
6. As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Zinzi … vind … Sokkies … in … die … Watter woord wou jy volgende sê? Kas. Ek gaan die woord 'kas' skryf."*
7. Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
8. Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.






Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 15 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees".
8. Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Die groen rok*

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 16 2021/12/10 14:14

# Week 2 Dag 3

**Jy benodig:**

- Speeldeeg en 'n bordjie of mat vir elke leerder



## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Vra die leerders om by hulle tafels te sit en stil en rustig te raak.
2. Begin deur te sê: *"Onthou julle toe Zinzi en Sam vir Sokkies binne-in die kas hoor blaf het? Hulle moes baie mooi luister om hom te hoor. Kom ons maak ons oë toe en wees vir 'n paar minute stil terwyl ons goed na die geluide om ons luister."* Sê nou vir die leerders om hulle oë oop te maak en te gesels oor die geluide wat hulle gehoor het. Praat oor watter klanke naby aan hulle is (harder) en watter verder weg is (sagter). Vertel nou vir die leerders dat hulle 'n aktiwiteit gaan doen waarin hulle baie goed moet luister wanneer jy praat.
3. Gee vir elke leerder 'n bal speeldeeg en vertel vir hulle dat hulle speeldeeg-mense gaan maak.
4. Vra die leerders watter liggaamsdele hulle mens moet kry: 'n kop, 'n lyf, twee arms, twee hande, twee bene, twee voete, twee ore, twee oë, 'n neus, 'n mond en hare. Wys na jou liggaamsdele terwyl jy dit benoem.
5. Gee nou stadig en duidelik instruksies en demonstreer met jou eie stuk speeldeeg. Wag tussen elke instruksie sodat die leerders nie gejaagd voel nie.
   - Breek 'n stuk speeldeeg af en rol dit om 'n lyf te maak.
   - Breek 'n kleiner stuk speeldeeg af, rol dit in 'n bal om die kop te maak en sit dit boaan die lyf.
   - Maak nou twee bene en sit dit onderaan die lyf.
   - Maak nou twee arms en sit dit aan die kante van die lyf.
   - Rol nog twee balletjies om oë te maak.
   - Rol 'n stuk vir 'n mond. Maak ook 'n neus en twee ore.
6. Nadat die leerders jou instruksies gevolg het en 'n speeldeeg-mens gemaak het, kan hulle die deeg platdruk en van voor af begin. Hierdie keer kan hulle dit op hulle eie manier doen, sonder om jou instruksies te volg.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 17 2021/12/10 14:14

## Jy benodig:

- Groot velle wit papier met elke leerder se naam in die boonste linkerkantste hoek geskryf
- Een groot vel papier met 'n tekening van Zinzi in haar groen rok en Zinzi se naam in die boonste linkerkantste hoek geskryf
- Kleurverf, kwaste en bakkies
- Vollengte-spieël (indien moontlik)

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1 Vra die leerders om op te staan en jou na te boots. Wys na 'n deel van jou liggaam, byvoorbeeld, jou kop. Vra die leerders wat ons hierdie deel van ons liggaam noem, en sê die woord "kop".

2 Doen dit vir die verskillende dele van hulle liggame: kop, hare, ore, oë, neus, mond, ken, nek, skouers, arms, elmboë, hande, maag, bene, knieë, voete.

3 Vra hulle om aan hulle arms, bene, kop en ore te raak om te sien hoe dit voel – is dit lank, rond, sag of hard?


4 Wys vir die leerders 'n vel papier met 'n tekening van Zinzi in haar groen rok. Wys na die bokant van die bladsy waar Zinzi se naam staan.

5 Wys vir die leerders die groot velle papier en moedig hulle aan om hulle naam te "lees". Help die leerders wat nie hulle naam herken nie.

6 Vra hulle watter prent onder hulle naam moet kom. Die antwoord is natuurlik 'n prent van hulself!

7 Vertel vir hulle dat hulle nou die hele bladsy gaan gebruik om 'n prent van hulself en die klere wat hulle aanhet, te verf.

8 Laat die leerders in 'n vollengte spieël na hulself kyk of goed na 'n maat kyk.




## Jy benodig:

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Skêre
- 'n Lang stuk tou (Dit moet voor die les soos 'n wasgoedlyn in die klaskamer opgehang word.)
- Wasgoedpennetjies

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1 Vra die leerders om op te staan en jou na te boots. Wys na 'n kledingstuk, byvoorbeeld, jou hemp.

2 Vra die leerders wat ons hierdie kledingstuk noem en sê die woord "hemp".

3 Doen dit vir die verskillende kledingstukke: skoene, sokkies, romp, kortbroek, hemp, trui.

4 Gee vir elke leerder 'n skoon vel papier en maak seker dat daar genoeg kleurkryte vir elke groep leerders is om te deel.

5 Verduidelik dat hulle hul gunstelingkledingstuk moet teken en dit die regte kleur moet inkleur.

6 Wanneer hulle klaar die kledingstuk ingekleur het, moet hulle die prent uitknip.

7 Wanneer almal klaar is, moet die leerders die kledingstuk wat hulle geteken het, benoem en dit vir jou gee om aan die wasgoedlyn op te hang.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 18 2021/12/10 14:14

# Hardloop, Lindi, hardloop

## Storie



Daar was eendag ’n meisie met die naam Lindi wat saam met haar ma, haar ouma en haar boetie, Paul, gewoon het. Lindi se liggaam was gesond en sterk. Sy het graag allerhande soorte speletjies gespeel, maar sy was die liefste vir hardloop. Sy het van haar huis na die rivier gehardloop. Sy het van die rivier na die winkel gehardloop. Sy het van die winkel na haar tannie se huis gehardloop. “Hardloop, Lindi, hardloop!” skree al haar maats altyd. Lindi hardloop selfs elke aand en spring in die bed nadat sy haar tande geborsel het.

Eendag sê Lindi se ma vir haar: “Lindi, ek weet hoe lief jy daarvoor is om te hardloop. Daar gaan môre ’n resies wees wat by mnr. Ibrahim se winkel begin. Wil jy graag aan die resies deelneem?” Natuurlik sê Lindi ja! Sy is vreeslik opgewonde en gaan sommer vroeg slaap sodat sy goed kan rus en sterk sal wees vir die resies. Die volgende oggend staan sy vroeg op en eet ’n bakkie warm pap met melk vir ontbyt. Dit gaan ’n warm dag wees, en Lindi onthou om voor die resies water te drink.







Ná ontbyt stap Lindi na mnr. Ibrahim se winkel en gaan staan saam met al die ander kinders op haar merke in ’n ry, gereed om te hardloop. Mnr. Ibrahim sê: “Op julle merke, gereed, weg!” En daar gaan Lindi! Sy hardloop soos die wind! Sy hardloop en hardloop soos nog nooit tevore nie. “Hardloop, Lindi, hardloop!” skree Paul terwyl hy op en af spring.



Toe sy ophou hardloop, hoor Lindi almal juig. Sy voel gelukkig en sterk. Mnr. Ibrahim gee vir haar ’n medalje. “Mooi so, Lindi! Jy het op jou vinnigste gehardloop! Jy was eerste oor die eindstreep en het die resies gewen!”

Lindi dra haar blink nuwe medalje om haar nek al die pad huis toe. “Mooi so, Lindi, mooi so!” juig haar familie. Ouma sê: “Lindi, ek is trots op jou. Jy het elke dag geoefen om te hardloop en vandag het jy die resies gewen! Jou liggaam is gesond en sterk, en hardloop is jou spesiale talent.”

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 19 2021/12/10 14:14

# Liedjie

Kyk net hoe Lindi speel, Lindi speel, Lindi speel
Kyk net hoe Lindi speel
Sy het baie maats!

Lindi hardloop rivier toe, rivier toe, rivier toe
Lindi hardloop rivier toe
Hardloop, Lindi, hardloop!



Lindi hardloop winkel toe, winkel toe, winkel toe
Lindi hardloop winkel toe
Hardloop, Lindi, hardloop!

Lindi hardloop na haar tannie toe, haar tannie toe, haar tannie toe
Lindi hardloop na haar tannie toe
Hardloop, Lindi, hardloop!

Lindi hardloop en spring in die bed, spring in die bed, spring in die bed
Lindi hardloop en spring in die bed
Hardloop, Lindi, hardloop!

Lindi hardloop resies, resies, resies
Lindi hardloop resies
Hardloop, Lindi, hardloop!

Lindi voel sterk en fiks, sterk en fiks, sterk en fiks
Lindi voel sterk en fiks
Hardloop, Lindi, hardloop!

*(Sing op die wysie van "This is the way" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutel-woorde:** | **resies** | **opgewonde** | **wen** | **medalje** | **eerste** | **hardloop** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | sterk | oefen | pap | mooi so | ontbyt | blink |
| | gelukkig | melk | spesiale | talent | trots | juig |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 20 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Storie: *Hardloop, Lindi, hardloop*
- Handpoppe: Lindi, Paul, mnr. Ibrahim, Lindi se ouma, Lindi se ma
- Rekwisiete: wit hemp vir winkelier se jas, tou vir die eindstreep, medalje
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref ’n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *“Wie hou daarvan om te hardloop? Waar hardloop julle? Het julle al ooit in ’n resies gehardloop?”*

1.3 Sê: *“Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van ’n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind.”* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders ’n voorwerp of ’n prent of voer ’n aksie uit om vir hulle te wys wat ’n woord beteken. Byvoorbeeld: Vra ’n leerder om langs jou te staan en gee voor dat julle resies hardloop (net ’n paar treë!). Gesels oor die begin van die resies, die eindstreep en wie die wenner was.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op ’n opgewekte manier en praat in verskillende stemme.

2.2 Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.3 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *“Hoe dink julle het Lindi gevoel toe sy op haar merke gestaan het? Hoe dink julle het Lindi gevoel toe sy die resies gewen het?”*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *“Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Lindi kon goed hardloop. Wat kan julle goed doen?”*

### Stel ’n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *“meisie, ma, môre, merke, meneer. Kan julle die fokusklank hoor? **M**eisie, **m**a, **m**ôre, **m**erke, **m**eneer. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**m**/.”*

**2** "*Luister nou mooi. Hier is nog ’n paar woorde wat met /**m**/ begin: man, mes, muis, mat, maan, mielie.*" (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**m**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**m**/ te sê: “**m-m-m**”. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **m** (“em”), nie.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 21 2021/12/10 14:14

# Week 1 Dag 2

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle 'n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê 'n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!


Stella sê:



*Formele handskrifoefening is deel van die Graad 1-kurrikulum; dit is nie geskik vir Graad R-leerders nie. Dit is wel belangrik dat hulle geleer word hoe om die letters korrek te vorm. Jy kan dit op 'n ontspanne en prettige manier doen deur hierdie kreatiewe, multisensoriese aktiwiteite te gebruik en die leerders aan te moedig om die letters so groot as wat hulle kan te skryf.*

### Vorm die letter

1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**m**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**m**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan hulle magies vryf en "**mmmm**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **m** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan af en op, om en af, op en om en af."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met 'n stok in die sand te skryf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.






Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 22 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Rekwisiete: wit hemp vir winkelier se jas, tou vir die eindstreep, medalje
- Spieëltjie
- ’n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **m** begin: man, mes, muis, mat, maan, mielie, mot, magneet, mandjie, mier, masker, mou



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: *“Wie kan onthou wat Lindi gekry het toe sy die resies gewen het? Ja, ’n blink medalje.”*
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op ’n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat ’n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *“Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?”*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: mmmagneet, mmmier, mmmasker. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik ’n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *“Dit is hoe ons **m** skryf.”* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Boontjiesakkie of blokkie

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1 Sing weer die liedjie.

2 Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.

3 Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.

4 Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.

5 Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*

6 Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.

7 Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*

8 Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

1 Sê vir die leerders hulle gaan in 'n kring sit en die boontjiesak omstuur.

2 Die leerder wat die boontjiesak vashou, moet sy/haar naam sê terwyl almal luister.


3 Vra die klas om te sê met watter klank elke naam begin. Herhaal dan die naam en die fokusklank, byvoorbeeld: *"Ja, Sindi se naam begin met die klank /**s**/."* Die leerder kan dan die boontjiesak aanstuur.

***Variasie***: Speel rustige musiek in die agtergrond. Stop die musiek elke nou en dan. Die leerder wat die boontjiesak het, moet sy/haar naam sê asook die klank waarmee dit begin.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 24 2021/12/10 14:14




**Jy benodig:**

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder met die titel van die storie boaan geskryf
- Groot vetkryte
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: speletjies, hardloop, winkel, opgewonde, liefste, medalje, familie, water, ouma, talent, spesiale

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2. Lees die woorde van die titel boaan die bladsy en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".
3. Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
4. Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.
5. Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf. Party leerders sal dalk net 'n paar woorde oor hulle prent kan sê.
6. As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf.
7. Skryf woord vir woord neer wat die leerder vir jou voorsê. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
8. Wanneer jy klaar geskryf het, kan jy die leerder aanmoedig om die sinne saam met jou te "lees" terwyl jy na die woorde wys.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **me | dal | je**.
2. Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **me** (een hop) **dal** (een hop) **je** (een hop). Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.
3. Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 25 2021/12/10 14:14

| Jy benodig: |
| --- |
| • Groot opeenvolgende prente<br>• Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder |

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1 Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).

2 Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.

3 Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*

4 Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.

5 Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.

6 Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.

7 As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees".

8 Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend



1 Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: "*boetie, bed, begin, bakkie, blink. Kan julle die fokusklank hoor? **B**oetie, **b**ed, **b**egin. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**b**/.*"

2 "*Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**b**/ begin: boek, bal, beker, blom, by, been.*" (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

3 Sê die klank /**b**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

4 Vra die leerders om die klank /**b**/ te sê: "**b-b-b**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **b** ("bee"), nie.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 26 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Hardloop, Lindi, hardloop*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

**1** Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.

**2** Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".

**3** Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.

**4** Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.

**5** Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.

**6** Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter

**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**b**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**b**/ begin.


**2** Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan voorgee om 'n bal te bons terwyl hulle "**b-b-b-b**" sê.

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **b** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan af, op en dan rond en om."*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen.

**5** Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letters oor en oor met water op plaveisel verf.

**6** Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 27 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **b** begin: boek, bal, beker, blom, by, been, bok, ballon, blaar, blokkie, boom, boontjie, bottel, blikkie, bus



# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

**1** Vra die leerders om by hulle tafels te sit en stil en rustig te raak.

**2** Begin vandag se luisteraktiwiteit deur te sê: *"Kom ons maak ons oë toe en wees vir 'n paar minute stil terwyl ons goed na die geluide om ons luister."* Sê nou vir die leerders om hulle oë oop te maak en te gesels oor die geluide wat hulle gehoor het. Praat oor watter klanke naby aan hulle is (harder) en watter verder weg is (sagter). Vertel nou vir die leerders dat hulle 'n aktiwiteit gaan doen waarin hulle baie goed moet luister wanneer jy praat.

**3** Vra die leerders om hulle koppe te knik as jy 'n stelling maak wat waar is. Probeer eers 'n paar voorbeelde saam: Lindi kan hardloop (knik kop); 'n Hond kan hardloop (knik kop).

**4** Verduidelik vir die leerders dat hulle hul koppe moet skud wanneer hulle 'n stelling hoor wat nie waar is nie. Byvoorbeeld: Lindi kan vlieg (skud kop); 'n Tafel kan vlieg (skud kop). Meng nou die voorbeelde deurmekaar en herinner die leerders om hulle koppe slegs te knik indien 'n stellings waar is.

- ★ 'n Seun kan hardloop. (knik kop)
- ★ 'n Hond kan vlieg. (skud kop)
- ★ 'n Koei kan vlieg. (skud kop)
- ★ 'n Meisie kan vlieg. (skud kop)
- ★ 'n Vis kan hardloop. (skud kop)
- ★ 'n Vlieg kan vlieg. (knik kop)
- ★ 'n Bok kan hardloop. (knik kop)
- ★ 'n Boek kan hardloop. (skud kop)
- ★ 'n Fiets kan vlieg. (skud kop)
- ★ 'n Kar kan vlieg. (skud kop)
- ★ 'n Vliegtuig kan vlieg. (knik kop)
- ★ 'n Kat kan hardloop. (knik kop)

### Letterhouers



**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*

**3** Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: boek, bal, blom. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.

**4** Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik 'n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *"Dit is hoe ons **b** skryf."* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 28 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- 'n Klein papierbord of stuk karton wat in 'n sirkel geknip is vir elke leerder
- Groot vetkryte en/of verf
- 'n Gaatjiepons om 'n gaatjie in die rand van die bord of karton te maak
- Tou
- 'n Boontjiesakkie of blokkie

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Gebruik klein papierborde of trek sirkels op karton en knip dit uit. Skryf elke leerder se naam op 'n bord of stuk karton en gebruik 'n gaatjiepons om 'n gaatjie in die boonste rand van die bord of karton te maak.
2. Vra die leerders of hulle kan onthou wat Lindi goed kon doen – ja, hardloop! Loop in die klas rond en vra elke leerder waarmee hy/sy goed is (wat is hulle spesiale talent?).
3. Laat die leerders die papierbord of karton met hulle naam daarop soek. Vra die leerders om in die middel van die bord of karton 'n prent van hulself te teken waar hulle iets doen waarmee hulle goed is. Hierdie sal hulle medalje of roset wees.
4. Ryg 'n stuk tou deur die gaatjie terwyl die leerders besig is om hulle medalje of roset te versier. Maak seker dat die tou lank genoeg is om oor hulle koppe te pas, en knoop dit dan vas.
5. Oorhandig aan die einde van die aktiwiteit elke leerder se medalje aan hulle.

### Luister vir fokusklanke

1. Sê vir die leerders hulle gaan in 'n kring sit en die boontjiesak omstuur.
2. Die leerder wat die boontjiesak vashou, moet sy/haar naam sê terwyl almal luister.
3. Vra die klas om te sê met watter klank elke naam begin. Herhaal dan die naam en die fokusklank, byvoorbeeld: *"Ja, Sindi se naam begin met die klank /**s**/."* Die leerder kan dan die boontjiesak aanstuur.

***Variasie***: Speel rustige musiek in die agtergrond. Stop die musiek elke nou en dan. Die leerder wat die boontjiesak het, moet sy/haar naam sê asook die klank waarmee dit begin.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 29 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Groot vel papier
- Merkpenne
- Groot vetkryte
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: speletjies, hardloop, winkel, opgewonde, liefste, medalje, familie, water, ouma, talent, spesiale

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Vertel vir die leerders dat jy baie opgewonde is: *"Ons klas gaan 'n resies hou, net soos Lindi! Kom ons nooi die skoolhoof om na die resies te kyk en pryse uit te deel."*
2. Gesels oor die belangrikste inligting wat op die uitnodiging moet kom: die hoof se naam, die dag en tyd van die resies, en natuurlik waar die resies gaan plaasvind.
3. Adresseer die uitnodiging: *"Aan [skryf die naam van die skoolhoof]"* op 'n groot vel papier met 'n dik merkpen.
4. Besluit saam met die leerders op die inligting wat julle op die uitnodiging gaan skryf: Geleentheid, Dag, Tyd, Plek.
5. Skryf idees neer terwyl die leerders voorstelle maak.
6. Vra die leerders: *"Watter ander inligting moet ons op ons uitnodiging sit?"* Jy kan die volgende voorstel: *"Dankie dat u na ons resies gaan kom kyk en pryse gaan uitdeel."*
7. Lees die voltooide uitnodiging saam met die leerders en wys na elke woord terwyl jy lees.
8. Vra 'n paar leerders om prente met vetkryte te teken om die uitnodiging te versier en reël dan dat hulle dit by die hoof aflewer.
9. Maak seker dat jy die resies op die ooreengekome datum en tyd hou.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **fa | mi | lie**.
2. Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **fa** (een hop) **mi** (een hop) **lie** (een hop).
3. Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.
4. Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 30 2021/12/10 14:14

# Ali en die verf

## Storie



Ek wil julle vandag vertel van mnr. en mev. Ibrahim. Hulle het ’n winkel wat baie interessante dinge verkoop. (Onthou julle dat Lindi se resies by mnr. Ibrahim se winkel begin het?) Eendag kom mev. Ibrahim by die huis aan met geskenke vir haar twee kinders, Musa en Ali.

Sy haal Ali se geskenk uit die sak. Dit is ’n groot, ronde vorm. Mev. Ibrahim lees die kaartjie. Daar staan: “Liewe Ali, met liefde van Mamma en Pappa.” Wat dink julle was die geskenk? Ali maak dit oop. Dit is ’n pragtige rooi bal. Ali sê: “Dankie, Mamma!” en hardloop buitentoe om met die bal te speel.



Musa kyk na sy geskenk. Dit is ’n vierkantige boks. Mev. Ibrahim lees die kaartjie. Daar staan: “Liewe Musa, met liefde van Mamma en Pappa.” Hy maak die vierkantige geskenk oop en wat is dit? Daar is ’n verfkwas en vier potjies verf – rooi, geel, blou en groen. Musa is so bly, want hy is baie lief daarvoor om prente te verf. Hy sê: “Dankie, Mamma. Ek gaan ’n prent van jou en Pappa verf.”

Toe hy klaar geverf het, sit Musa die verf terug in die boks en gaan speel buite met sy maats. Terwyl hy uit is, gebeur iets. Ali kom in en sien die boks op die tafel. Hy wil sien wat binne die boks is, daarom stoot hy die stoel tot langs die tafel en … wat dink julle doen hy? Ali klim op die stoel en toe op die tafel. Hy maak die boks oop en haal al die verf uit.

En wat dink julle het volgende gebeur? Ali maak die groen verf oop en smeer ’n bietjie daarvan op sy neus. Wys vir my hoe hy groen verf op sy neus gesmeer het. Toe maak hy die rooi verf oop en smeer ’n bietjie daarvan op sy maag. Wys vir my hoe hy rooi verf of sy maag gesmeer het. Toe maak hy die blou verf oop en smeer dit oor sy tone. Kan julle julle tone wikkel?



Nou het klein Ali groen verf op sy … neus; rooi verf op sy … maag; en blou verf op sy … tone. Weet julle watter kleur verf in die boks oorgebly het? Ja! Die geel verf was nog in die boks. Maar Ali haal nie die geel verf uit nie, want net toe kom mev. Ibrahim by die kamer in en sien hom.

Ali lag en klap sy hande. Mev. Ibrahim sê: “Ali! Wat doen jy?” Sy klink nogal kwaai. Maar toe glimlag sy en sê: “Jou neus is groen. Jou maag is rooi. Jou tone is blou. En ek is lief vir jou!”

Mev. Ibrahim neem Ali buitentoe en was sy neus, sy maag en sy tone. Toe pak sy die verf in die kas weg sodat Ali dit nie weer in die hande kan kry nie.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 31 2021/12/10 14:14

# Liedjie



Ali verf sy neus en dit is groen
Dit is groen, dit is groen.
Ali verf sy neus en dit is groen
O, liewe land!

Ali verf sy maag en dit is rooi
Dit is rooi, dit is rooi.
Ali verf sy maag en dit is rooi
O, liewe land!

Ali verf sy tone en dit is blou
Dit is blou, dit is blou.
Ali verf sy tone en dit is blou
O, liewe land!

*(Sing op die wysie van "Die wiele van die bus" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutel-woorde:** | **blou** | **groen** | **geel** | **rooi** | **verf** | **geskenk** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | verfkwas | rond | vierkantige | potjie | maag | neus |
| | tone | klim | oop | wikkel | binne | smeer |





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 32 2021/12/10 14:14

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

**Jy benodig:**

- Storie: *Ali en die verf*
- Handpoppe: Musa, Ali en mev. Ibrahim, vier potjies verf
- Rekwisiete: rooi bal of prent van 'n bal, 'n vierkantige boks wat soos 'n geskenk toegedraai is, 'n verfkwas, twee kaartjies aan die seuns van Mamma en Pappa af, Musa se geverfde prent, byvoorbeeld, 'n reënboog
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens: Gesels oor die leerders se gesinne en bespreek die ouderdomme van hulle broers en susters.

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Vra byvoorbeeld die leerders om hulle skoene uit te trek en vir almal te wys hoe hulle hul tone wikkel.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme.

2.2 Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.3 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Ek wonder wat Ali se mamma gaan doen wanneer sy sien wat hy aangevang het."*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"vandag, vorm, verf, vier. Kan julle die fokusklank hoor? **V**andag, **v**orm, **v**erf, **v**ier. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**v**/."*

**2** "*Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**v**/ begin: voël, vurk, vis, vliegtuig, voet.*" (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**v**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**v**/ te sê: "**v-v-v**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **v** ("vee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 33 2021/12/10 14:14

> **Jy benodig:**
> - Handpoppe vir die storie
> - Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie

Stella sê:



*Onthou om die leerders te vra hoe hulle die woordeskatwoorde in hulle taal sê as hulle 'n ander huistaal het.*

# Week 1 Dag 2



## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

**1** Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.

**2** Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.

**3** Sê vir die leerders jy gaan vir hulle 'n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.

**4** Sê 'n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.

**5** Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.

**6** Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter

**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**v**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**v**/ begin.


**2** Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan hulle vingers beweeg en "**vvvingers**" sê.

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **v** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan skuins af en dan weer skuins op."*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met 'n stok in die sand te skryf.

**6** Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.



## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 34 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Rekwisiete: rooi bal of prent van 'n bal, 'n vierkantige boks wat soos 'n geskenk toegedraai is, 'n verfkwas, twee kaartjies aan die seuns van Mamma en Pappa af, Musa se geverfde prent, byvoorbeeld, 'n reënboog
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **v** begin: voël, vurk, vis, vliegtuig, vuurhoutjie, voet, vere, vlag, vlieg, vark, vragmotor, verfkwas, vingers



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

**1** Sing die liedjie.

**2** Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra 'n leerder om die verf in die boks te sit of op 'n stoel te klim.

**3** Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.

**4** Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.

**5** Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.

**6** Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.

**7** As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*

**3** Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: vvvark, vvvlag, vvvoet. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.

**4** Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik 'n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *"Dit is hoe ons **v** skryf."* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 35 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke



1. Sing die volgende liedjie op die wysie van *"If you're happy and you know it"*.
   - *Wie se naam begin met /**m**/? Staan op!*
   - *Wie se naam begin met /**m**/? Staan op!*
   - *As jou naam begin met /**m**/, staan op en knik jou kop*
   - *Wie se naam begin met /**m**/? Staan op!*
2. Herhaal met verskillende klanke en bewegings, soos, "Klap jou hande", "Draai om", ensovoorts.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 36 2021/12/10 14:14

# Week 1 Dag 5

**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Geskenk-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Skêre
- Een boks met geskenkpapier toegedraai met 'n geskrewe kaartjie daarop
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: vandag, geskenk, buitentoe, Mamma, vierkantige, kaartjie, tone, binne




## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1 Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe.
2 Wys vir die leerders die "geskenk" met die geskrewe kaartjie daarby. Lees die kaartjie: *"Liewe Ali, met liefde van Mamma en Pappa."* Vra die leerders om na te dink oor hoekom ons kaartjies saam met geskenke gee.
3 Gee vir elke leerder 'n aktiwiteitsblad en wys hulle hoe om die bladsy op die stippellyn te vou. Vra hulle om hulle te verbeel dat dit 'n geskenk vir hulle is. Wys vir hulle die geskenkpapier en kaartjie. Gesels oor 'n paar idees. Gee hulle 'n paar minute om na te dink oor 'n geskenk wat hulle graag wil hê.
4 Vra die leerders om hulle geskenk op die skoon kant van die papier te teken.
5 Laat hulle die geskenkpapier inkleur. Terwyl hulle besig is, kan jy in die klas rondstap en vir elke leerder vra van wie hulle geskenk is. Laat hulle die naam op die kaartjie skryf. Byvoorbeeld: *"Aan Liesl, met liefde van Ouma"* of *"Aan Ben, met liefde van oom Adam"*.
6 Plaas die leerders in pare wanneer hulle klaar is en laat hulle vir mekaar hulle geskenke wys en daarvan vertel.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1 Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **van | dag**.
2 Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **van** (een hop) **dag** (een hop). Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.
3 Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 37 2021/12/10 14:14

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte





*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.*


</td><td>

***Aktiwiteit 1*: Teken en ontluikende skryf**

1 Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2 Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".
3 Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle. Byvoorbeeld: *"Het julle gehou van die deel waar Ali op die tafel geklim het om by die verf uit te kom?"*
4 Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
5 Lewer kommentaar of vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel.
6 Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf. Party leerders sal dalk net 'n paar woorde oor hulle prent kan sê.
7 As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Ali … klim … op … die … Watter woord wou jy volgende sê? Tafel. Ek gaan die woord 'tafel' skryf."*
8 Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
9 Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

</td></tr>
<tr><td>

- 'n Stel **Gekleurde dominokaarte**



</td><td>

***Aktiwiteit 2*: Legkaarte en speletjies**

1 Gee vir elke leerder dieselfde aantal kaarte.
2 Een leerder begin en sit 'n kaart op die tafel neer. Die volgende leerder kyk of hy/sy 'n prent het wat by die kleur van die kolletjie pas, of 'n kolletjie het wat by die kleur van die prent pas. As hulle het, sit hulle die kaart langs die bypassende prent of kolletjie neer. As hulle nie het nie, slaan hulle 'n beurt oor en is dit die volgende leerder se beurt.

</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>


***Aktiwiteit 3*: Selfstandige lees**

1 Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.
2 Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
3 Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
4 Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>




Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 38 2021/12/10 14:14

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Fotokopie van die **Geskenkpapier-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Klippies, knope, krale, pypskoonmakers<br> | ***Aktiwiteit 4*: Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Maak vir elke leerder 'n fotokopie van die aktiwiteitsblad met reguit en kronkellyne.<br>**2** Verduidelik vir hulle dat hulle klippies, knope, krale en pypskoonmakers moet kies om op die lyne te plaas om 'n pragtige patroon te maak. |
| • Rekwisiete: bokse in geskenkpapier toegedraai; partytjietoerusting, soos ballonne en papierlinte, papierborde en -koppies, verjaardagkersies, plastiekkoeldrankbottels, ens.; papier; vetkryte en skêre; speeldeeg<br> | ***Aktiwiteit 5*: Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en vra hulle om rustig te raak.<br>**2** Lees die reëls vir die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete.<br>**3** Gesels oor hoe Musa en Ali se ma vir hulle geskenke gegee het. Kry hulle ook geskenke in hulle familie? Baie mense gee geskenke vir verjaarsdae of wanneer dit Kersfees, Eid of Nuwejaar is.<br>**4** Sê: *"Vandag speel ons Verjaardagpartytjie!"*<br>**5** Help die leerders om te begin deur te sê: *"Ons hou 'n partytjie en die gaste gaan binnekort hier wees. Maar ag nee, ons is nog nie gereed nie! Is die kos al uitgepak? Is die versierings opgehang? Waar is die geskenke?"*<br>**6** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Byvoorbeeld: Jy kan opdaag en voorgee dat jy aan die deur klop en sê: *"Hallo! Ek is hier! Dankie dat julle my na hierdie wonderlike partytjie genooi het. Sjoe, alles lyk pragtig. Ek het 'n geskenk gebring!"* |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 39 2021/12/10 14:14



**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Pappa, pragtige, prent, pak. Kan julle die fokusklank hoor? **P**appa, **p**ragtige, **p**rent. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**p**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**p**/ begin: padda, piesang, pen, potlood, perd, pop."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**p**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**p**/ te sê: "**p-p-p**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **p** ("pee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 40 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Ali en die verf*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**p**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**p**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan hulle wysvingers rondswaai en "**p-p-pasop!**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **p** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan regaf. Dan op en om in die rondte."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letters oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 41 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Vorms-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Drie kleurkryte (rooi, groen en blou) vir elke leerder
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **p** begin: padda, piesang, pen, potlood, perd, pop, pyp, perske, pan, prop, pampoen, peper


# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Vra die leerders om by hulle tafels te sit en stil en rustig te raak.
2. Begin vandag se luisteraktiwiteit deur te sê: *"Kom ons maak ons oë toe en wees vir 'n paar minute stil terwyl ons goed na die geluide om ons luister."* Sê nou vir die leerders om hulle oë oop te maak en te gesels oor die geluide wat hulle gehoor het. Praat oor watter klanke naby aan hulle is (harder) en watter verder weg is (sagter). Vertel nou vir die leerders dat hulle 'n aktiwiteit gaan doen waarin hulle baie goed moet luister wanneer jy praat.
3. Hou elke vetkryt in die lug en sê die naam van die kleur. Vra die leerders om die bypassende vetkryt voor hulle op te tel. Praat in 'n duidelike, egalige stem.
4. Wys nou na die vierkant en herinner die leerders daaraan dat Musa se geskenk die vorm van 'n vierkant gehad het. Vra hulle om na 'n vorm te wys wat rond is, soos Ali se bal. Vra nou of enigiemand weet watter van die vorms 'n driehoek is.
5. Wys na elke vorm en sê die naam van die vorm. Gee dan die instruksies stadig en duidelik:
   - *"Tel jou rooi vetkryt op. Kleur die sirkels rooi in."*
   - *"Tel jou groen vetkryt op. Kleur die driehoeke groen in."*
   - *"Tel jou blou vetkryt op. Kleur die vierkante blou in."*

### Letterhouers



1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: **p**iesang, **p**rop. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik 'n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *"Dit is hoe ons **p** skryf."* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 42 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Vier groot stukke wit karton of papier gemerk "rooi", "blou", "groen" en "geel" (skryf hierdie woorde op die ooreenstemmende kleurkaarte), 'n prent van 'n voorwerp in daardie kleur op elke stuk karton
- Tydskrifte
- Skêre
- Gom



# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1 Wys vir die leerders die vier kartonborde en vra hulle om die kleurwoord op elkeen te "lees". Bring dit in verband met die verfkleure in die storie. Vra die leerders watter kleur in die boks agtergebly het (geel).

2 Gesels oor die voorbeeldprente en hoe dit by die kleur pas.

3 Verduidelik dat elke leerder een kleurprent moet vind om op elke kartonbord te plak. Die kleur van die prent moet pas by die kleurwoord op die kartonbord.

4 Demonstreer hoe om deur 'n tydskrif te blaai om prente te vind wat by die vier kleure pas.

5 Verduidelik dat wanneer hulle 'n prent vind wat by een van die kleure pas, hulle dit moet uitknip.

6 Wanneer hulle genoeg tyd gehad het, vra dat al die leerders met prente wat by die kleur rooi pas hulle hande opsteek. Vra 'n leerder om hierdie prente bymekaar te maak en jou te help om dit op die bypassende kartonbord te plak. Gesels oor elke kartonbord wat julle gemaak het. Benoem die voorwerpe en prys die leerders. Sê iets soos: *"Kyk, 'n blink rooi sportmotor! Wie het hierdie prent gevind? Mooi so, Sara!"*

7 Gaan deur dieselfde proses met die ander kleure.

### Luister vir fokusklanke

1 Sing die volgende liedjie op die wysie van *"If you're happy and you know it"*.
   - ★ *Wie se naam begin met /**m**/? Staan op!*
   - ★ *Wie se naam begin met /**m**/? Staan op!*
   - ★ *As jou naam begin met /**m**/, staan op en knik jou kop*
   - ★ *Wie se naam begin met /**m**/? Staan op!*

2 Herhaal met verskillende klanke en bewegings, soos, "Klap jou hande", "Draai om", ensovoorts.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 43 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Prente of boeke met pragtige reënboë
- Groot velle wit papier
- Kleurverf, water in bakkies, handdoeke
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: vandag, geskenk, buitentoe, Mamma, vierkantige, kaartjie, tone, binne

Stella sê:


*Vingerverf moedig leerders aan om hulle met Ali se storiekarakter te vereenselwig. Dit kan 'n morsige aktiwiteit wees; maak dus seker dat die leerders op 'n geskikte plek werk met maklike toegang tot opwasfasiliteite.*

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Vra die leerders om na prente van reënboë te kyk en te wys na die kleure van die verf in die storie.
2. Vertel vir hulle dat hulle 'n reënboog op die groot vel papier gaan verf.
3. Wys vir die leerders dat hulle met hulle vingers gaan verf, net soos Ali in die storie.
4. Herinner hulle daaraan om al die kleure te gebruik om 'n reënboog te maak, en nie net een kleur nie.
5. Moedig die leerders aan om die hele bladsy te gebruik en 'n groot reënboog te verf.



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **to | ne**.
2. Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **to** (een hop) **ne** (een hop). Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.
3. Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.





## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 44 2021/12/10 14:14

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br>*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.* | ***Aktiwiteit 1*: Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n vel papier en vetkryte en verduidelik dat hulle 'n prent van Ali gaan teken.<br>**2** Vra hulle om die rympie saam met jou te sê: Jou neus is groen. Jou maag is rooi. Jou tone is blou. En ek is lief vir jou!<br>**3** Vra of hulle onthou watter liggaamsdele Ali geverf het en watter kleure hy gebruik het. Hulle kan dan vir Ali teken.<br>**4** As hulle die liggaamsdele en kleure vergeet het, kan hulle die rympie opsê. As hulle die rympie vergeet, kan hulle na die opgeenvolgende prente kyk om hulle te lei. |
| • 'n Stel gekleurde dominokaarte<br> | ***Aktiwiteit 2*: Legkaarte en speletjies**<br>**1** Gee vir elke leerder dieselfde aantal kaarte.<br>**2** Een leerder begin en sit 'n kaart op die tafel neer. Die volgende leerder kyk of hy/sy 'n prent het wat by die kleur van die kolletjie pas, of 'n kolletjie het wat by die kleur van die prent pas. As hulle het, sit hulle die kaart langs die bypassende prent of kolletjie neer. As hulle nie het nie, slaan hulle 'n beurt oor en is dit die volgende leerder se beurt. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3*: Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |
| • 'n Fotokopie van die **Geskenkpapier-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br> | ***Aktiwiteit 4*: Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Maak vir elke leerder 'n fotokopie van die aktiwiteitsblad met reguit en kronkellyne.<br>**2** Verduidelik vir die leerders dat hulle vetkryte moet gebruik om tussen die lyne te teken om pragtige kleurvolle geskenkpapier met strepe en kronkels te maak. |
| • Rekwisiete: bokse in geskenkpapier toegedraai, ballonne en papierlinte, papierborde en -koppies, verjaardagkersies, plastiekkoeldrankbottels<br> | ***Aktiwiteit 5*: Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle 'n kammapartytjie gehou het. Besoek die hoekie om die leerders se voorgee-spel waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 45 2021/12/10 14:14

# ★ 'n Pragtige dag

## Storie



Dit is 'n pragtige Saterdagoggend en die son skyn by Nico se venster in. Nico word wakker, strek en sê: "Dis 'n sonskyndag en ek het 'n plan!" Nico gaan na sy ma toe en vra: "Mamma, kan ons vandag 'n piekniek hou? En kan my maatjie Jakob saamkom? En ons hond, Brakenjan?" Mamma vra vir Pappa en hy sê ja. Mamma pak die gesin se gunstelingkos in die piekniekmandjie en Pappa sê hy sal dit dra.

Pappa, Mamma, Sussie, Nico, Jakob en Brakenjan, die hond, stap teen die heuwel af. Hulle gesels vrolik oor die speletjies wat hulle in die rivier gaan speel.

Toe hulle by die rivier kom, sê Pappa: "Kom ons sit hier sodat ons julle kan dophou terwyl julle in die water speel en sodat Sussie in die gras kan rondkruip."

Nico, Jakob en Brakenjan hardloop en spring in die koel water. Spat, spat, spat! "Kom ons jaag mekaar," sê Jakob.



Nadat hulle lekker gespeel het, raak die seuns honger en klim uit die water. Hulle sit saam met Mamma en Pappa op die piekniekkombers. Hulle eet tamatie-en-kaas-toebroodjies en piesangs en appels en drink vrugtesap. Mamma gee vir Brakenjan een van haar toebroodjies – hy is ook honger! Sussie probeer om blomme te eet. Pappa sê: "Nee, my skat, jy kan nie blomme eet nie!"

Dit raak laat. Die kinders het 'n dag vol pret gehad en voel skoon moeg. Dit is tyd om huis toe te gaan. Almal help om op te ruim. Die seuns vou die kombers, Mamma sit vir Sussie op haar rug en hulle stap huis toe. "Totsiens, Nico. Dankie vir 'n lekker dag," sê Jakob. "Mooi loop, Jakob," antwoord Nico.

Dit is nou donker buite en die lug is vol sterre. Dit is tyd vir die gesin om te gaan slaap. Gou-gou is Nico en Brakenjan vas aan die slaap en droom van hulle prettige dag by die rivier.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 46 2021/12/10 14:14

## Liedjie

Ons gaan piekniek hou, piekniek hou, piekniek hou
Ons gaan piekniek hou
Kyk hoe skyn die son!

Kom ons pak 'n mandjie, 'n mandjie, 'n mandjie
Kom ons pak 'n mandjie
Kyk hoe skyn die son!

Ons spring in die water, die water, die water
Ons spring in die water
Kyk hoe skyn die son!

Ons eet te lekker, te lekker, te lekker
Ons eet te lekker
Kyk hoe skyn die son!

Huis-toe-tyd, want ons is moeg, ons is moeg, ons is moeg
Huis-toe-tyd, want ons is moeg
Wat 'n lekker dag!



*(Sing op die wysie van "This is the way" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutel-woorde:** | **piekniek** | **mandjie** | **honger** | **rivier** | **kombers** | **toebroodjies** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | vrugtesap | piesang | appel | tamatie | blom | jaag |
| | spat | spring | word wakker | opruim | heuwel | gunsteling |



**Jy benodig:**

- Storie: *'n Pragtige dag*
- Handpoppe: Mamma, Pappa, Nico, Jakob, piekniekmandjie, Sussie en Brakenjan, die hond
- Rekwisiete: mandjie, regte of kammavrugte, 'n speelgoedhond, 'n kombers, regte of kammablomme
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Het julle al ooit piekniek gehou? Wat doen 'n mens wanneer jy piekniek hou? Waar kan 'n mens piekniek hou? Watter soort kos eet 'n mens by 'n piekniek?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van* 'n *paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld, gooi 'n kombers oop en sit 'n mandjie en 'n bord kos daarop.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme.

2.2 Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.3 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Wat dink julle gaan die kinders doen wanneer hulle by die rivier kom? Wat gaan hulle vir middagete eet? Wat dink julle gaan hulle doen wanneer hulle by die huis kom?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"son, skyn, Sussie, spring, speel. Kan julle die fokusklank hoor? **S**on, **s**kyn, **s**peel. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**s**/."*
2. "*Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**s**/ begin: spyker, stoel, spons, seep.*" (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**s**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**s**/ te sê: "**s-s-s**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **s** ("es"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 48 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1 Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.

2 Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.


3 Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.

4 Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.

5 Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.

6 Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



1 Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**s**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**s**/ begin.

2 Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak asof hulle soos ’n slang seil en “**ssss**” sê.

3 Wys vir die leerders hoe om die letter **s** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol, gaan om en krul na regs en weer om.”*

4 Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

5 Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf.

6 Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 49 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Rekwisiete: mandjie, regte of kammavrugte, 'n speelgoedhond, 'n kombers, regte of kammablomme
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **s** begin: spyker, stoel, spons, seep, skoenlapper, sambreel, skip, slang, son, ster, skoen, saad, skaap, skilpad, spieël, spinnekop



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

**1** Sing die liedjie.

**2** Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: *"Toe die seuns in die rivier gespring het, het die water ge… Ja, die woord is 'spat'."*

**3** Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.

**4** Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.

**5** Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.

**6** Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.

**7** As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*

**3** Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: **s**kip, **s**eep. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.

**4** Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik 'n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *"Dit is hoe ons **s** skryf."* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 50 2021/12/10 14:14

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Handpoppe vir die storie of voorwerpe of prente van sommige van die dinge in die storie

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

Stella sê:



*Onthou om die klank te sê, en nie die naam van die letter nie. Sê byvoorbeeld vir "son" die klank /**s**/ en nie die naam ("es") nie.*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

**1** Sing weer die liedjie.

**2** Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.

**3** Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.

**4** Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.

**5** Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*

**6** Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.

**7** Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*

**8** Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

**1** Verduidelik vir die leerders dat julle die speletjie, *"Ek sien met my klein ogie"*, met handpoppe en rekwisiete uit die storie, "'n Pragtige dag", gaan speel. Laat hulle na die uitgestalde handpoppe, voorwerpe en prente kyk.

**2** Kies iets uit die storie sonder om vir die leerders te vertel waaraan jy dink. Gee dan baie duidelik vir hulle die eerste klank van die woord as 'n leidraad. Byvoorbeeld: As jy dink aan 'n "piesang", sê: *"Ek sien met my klein ogie iets wat begin met /**p**/."*

**3** Die leerders moet goed na die uitgestalde items kyk om iets te vind wat met daardie klank begin. As hulle "piesang" reg raai, is dit hulle beurt om iets te kies en te sê: *"Ek sien met my klein ogie …"*.



## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 51 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- 'n Vel A4-papier vir elke leerder OF 'n fotokopie van die **Piekniekkombers-aktiwiteitsblad** en die **Weefstroke-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Skêre, gom
- Tydskrifte of winkelbrosjures met prente van kos
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: pragtige, piekniek, Brakenjan, heuwel, blomme, speletjies





# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

**1** Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe.

**2** Bring, indien moontlik, 'n kombers skool toe om vir die klas te wys, of wys vir die leerders prente van verskillende komberse. Gesels oor die verskillende patrone en/of kleure op die komberse.

**3** Verduidelik vir die leerders dat hulle hul eie piekniekkombers gaan maak deur dit op 'n vel papier te teken.

**4** Wanneer die leerders klaar hulle "kombers" geteken het, kan hulle prente van piekniekkos teken of uit tydskrifte of brosjures knip en dit op hulle kombers plak.

**OF**

**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle hul eie "piekniekkombers" met stroke papier gaan weef. Wys vir hulle 'n voorbeeld en gesels oor hoe verskillende gekleurde stroke 'n weefpatroon vorm.

**2** Gee vir elke leerder 'n gevoude **Piekniekkombers-aktiwiteitsblad** asook 'n **Weefstroke-aktiwiteitsblad**.

**3** **Piekniekkombers-aktiwiteitsblad:** Wys vir die leerders hoe om op die stippellyne te knip terwyl die bladsy gevou is. Maak seker hulle hou op knip wanneer hulle by die vaste lyn kom. Die leerders moet die blad oopvou nadat hulle klaar geknip het.

**4** **Weefstroke-aktiwiteitsblad:** Die leerders kleur die stroke in en knip dit dan uit.

**5** Demonstreer hoe om die gekleurde stroke bo-oor en onderdeur te weef deur die gleuwe wat hulle in die **Piekniekkombers-aktiwiteitsblad** geknip het. Die verskillende stroke moet in 'n afwisselende patroon deur die gleuwe geweef word om die kombers te maak.

**6** Wanneer die leerders hulle "piekniekkombers" voltooi het, kan hulle prente van piekniekkos uit tydskrifte of brosjures knip en dit op hulle kombers plak.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **prag | ti | ge**.

**2** Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **prag** (een hop) **ti** (een hop) **ge** (een hop). Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.

**3** Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 52 2021/12/10 14:15

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br>*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.* | ***Aktiwiteit 1*: Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle. Byvoorbeeld: *"Het julle gehou van die deel waar Nico, Jakob en Brakenjan in die water gespring het?"*<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Lewer kommentaar of vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf. Party leerders sal dalk net 'n paar woorde oor hulle prent kan sê.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Brakenjan … spring … in … die … Watter woord wou jy volgende sê? Water. Ek gaan die woord 'water' skryf."*<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • 'n Stel kleurprentkaarte met somers- en wintersklere<br>• Twee plastiekbakkies – margarien of jogurt (Een bakkie het 'n etiket met die woord **Somer** en 'n prent van 'n somerskledingstuk daarop geplak; die ander bakkie het 'n etiket met die woord **Winter** en 'n prent van 'n winterskledingstuk daarop geplak.)<br>  | ***Aktiwiteit 2*: Legkaarte en speletjies**<br>Plaas kaarte met prente van winters- en somersklere onderstebo op die tafel.<br>**Sorteerspeletjie**<br>**1** Een houer het 'n etiket met die woord **Somer** en 'n prent van 'n somerskledingstuk daarop geplak; die ander houer het 'n etiket met die woord **Winter** en 'n prent van 'n winterskledingstuk daarop geplak.<br>**2** Elke leerder kry 'n beurt om 'n kaart op te tel, na die prent te kyk, dit te benoem en dit dan in die regte houer te plaas.<br>**Geheuespeletjie**<br>**1** Elke leerder kry 'n beurt om twee kaarte om te draai. As die prente op die kaarte bymekaar pas (albei klere vir somer of albei klere vir winter), hou hulle die kaarte.<br>**2** As die kaarte nie pas nie (een somer en een winter), word die kaarte weer onderstebo terug op die tafel gesit en die volgende leerder kry 'n beurt. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3*: Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |




Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 53 2021/12/10 14:15

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • Klei of speeldeeg en 'n bord of mat<br> | ***Aktiwiteit 4*: Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n bal klei of speeldeeg.<br>**2** Die leerders moet 'n mandjie en vrugte uit die klei of speeldeeg maak. Wys vir hulle hoe om stukke klei of deeg in dun stroke te rol en dit oor mekaar te sit om 'n mandjie te maak, of hulle kan die klei of deeg in 'n groot bal rol en dit dan uithol.<br>**3** Die leerders kan die klei of deeg in die vorm van 'n piesang rol, of balletjies maak om vrugte soos appels of lemoene voor te stel. |
| • Rekwisiete: mandjie, kammakos, plastiekbekers en -borde, 'n kombers, sonbrille, hoede, 'n sambreel, sonroom | ***Aktiwiteit 5*: Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en vra hulle om rustig te raak.<br>**2** Lees die reëls vir die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete.<br>**3** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n kammapiekniek gaan hou. Hulle kan die kos pak, 'n entjie gaan stap, die kombers oopgooi en 'n piekniek saam geniet. Hulle kan ook êrens heen reis vir die piekniek: na die strand, 'n park, 'n tuin of 'n swembad.<br>**4** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se voorgee-spel waar te neem en hulle aan te moedig. Jy kan byvoorbeeld daar aankom en sê: *"Hallo! Ek is hier! Dankie dat julle my na hierdie heerlike piekniek genooi het. Wat 'n pragtige plek vir 'n piekniek. Wat het julle in die mandjie gepak?"*<br>**5** Moedig die leerders aan om volgende week 'n teddiebeer of 'n gunsteling-sagte speelding vir die piekniek saam te bring.<br> |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 54 2021/12/10 14:15




**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies ’n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *“Wie kan onthou wat volgende gebeur het?”*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder ’n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op ’n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir ’n maat in die klas “lees”. Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



Stella sê:



*Jy kan enige tyd in julle daaglikse roetine op letters en klanke fokus, veral tydens buitespel en oorgangstye (wanneer die leerders in rye staan om die badkamer te gebruik, gereedmaak vir middagete, ens.). Gebruik geleenthede om letters in die omgewing uit te wys en vra die leerders watter letters hulle om hulle sien. Dit help leerders om te sien hoe ons letters as leidrade gebruik om dinge om ons te kan lees.*

### Stel ’n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *“toebroodjies, tyd, toe, teen, tamatie. Kan julle die fokusklank hoor? **T**oebroodjies, **t**amatie, **t**yd. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**t**/.”*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog ’n paar woorde wat met /**t**/ begin: telefoon, tandeborsel, teesakkie, tou, tande, tafel, tent, tak."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**t**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**t**/ te sê: “**t-t-t**”. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **t** (“tee”), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 55 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *'n Pragtige dag*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter




1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**t**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**t**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die kinders kan maak of hulle 'n trein is wat sukkel om teen 'n bult uit te kom en "**t-t-t-t**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **t** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan af en om. Lig op en trek 'n strepie van links na regs."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letters oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 56 2021/12/10 14:15

# Week 2 Dag 3

**Jy benodig:**

- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **t** begin: telefoon, tandeborsel, teesakkie, tou, tande, tafel, tent, tamatie, tak, tydskrif, teelepel

Stella sê:



*Dit is 'n goeie idee om prente te gebruik wanneer jy hierdie aktiwiteit doen om die leerders te help om die items te onthou en om hulle idees te gee oor wat hulle kan sê.*



## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Vra die leerders om by hulle tafels te sit en stil en rustig te raak.
2. Begin vandag se luisteraktiwiteit deur te sê: *"Kom ons maak ons oë toe en wees vir 'n paar minute stil terwyl ons goed na die geluide om ons luister."* Sê nou vir die leerders om hulle oë oop te maak en te gesels oor die geluide wat hulle gehoor het. Praat oor watter klanke naby aan hulle is (harder) en watter verder weg is (sagter). Vertel nou vir die leerders dat hulle 'n aktiwiteit gaan doen waarin hulle baie goed moet luister wanneer jy praat.
3. Sê vir die leerders: *"In die storie oor die piekniek het Mamma 'n piekniekmandjie vol kos gepak. Ons gaan 'n speletjie speel en aan dinge dink wat 'n mens in 'n piekniekmandjie kan pak. Luister mooi. Ek gaan begin deur te sê: 'Ons gaan 'n piekniek hou en ek pak appels in ons mandjie.' Nou gaan julle elkeen 'n beurt kry om te sê wat julle in die mandjie gaan pak."*
4. Wanneer elke leerder 'n beurt gehad het, kan julle voortgaan met die speletjie, maar hierdie keer moet die leerders probeer onthou wat reeds in die mandjie gepak is voordat hulle nog 'n item byvoeg. Hou so aan vir nog vyf items in die mandjie.

***Wenk**: Hier is 'n paar idees ingeval die leerders sukkel om aan dinge te dink: toebroodjies, lemoene, piesangs, vrugtesap, water, tamaties, kaas, melk, koekies.*

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: t-t-tande; t-t-tafel. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik 'n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *"Dit is hoe ons **t** skryf."* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 57 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Handpoppe vir die storie of voorwerpe of prente van sommige van die dinge in die storie

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

**1** Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).


**2** Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke reël "lees" en dan in die oop ruimte op die bladsy doen wat dit sê.

**3** Lees die eerste reël saam. Vra of enige leerders kan "lees" wat hulle volgende op die lys moet doen; hulle moet een boom teken.

**4** Doen dit vir al die instruksies.

**5** Lees nou weer elke instruksie en sê vir die leerders: *"Teken een son. Wanneer julle klaar is, merk dit af op die lys."*

**6** Die leerders moet voortgaan om elke instruksie te teken en af te merk tot aan die einde van die lys.




Stella sê:



*Onthou om die klank te sê, en nie die naam van die letter nie. Sê byvoorbeeld vir "son" die klank /**s**/ en nie die naam ("es") nie.*

### Luister vir fokusklanke

**1** Verduidelik vir die leerders dat julle die speletjie, *"Ek sien met my klein ogie"*, met handpoppe en rekwisiete uit die storie, "'n Pragtige dag", gaan speel. Laat hulle na die uitgestalde handpoppe, voorwerpe en prente kyk.

**2** Kies iets uit die storie sonder om vir die leerders te vertel waaraan jy dink. Gee dan baie duidelik vir hulle die eerste klank van die woord as 'n leidraad. Byvoorbeeld: As jy dink aan 'n "piesang", sê: *"Ek sien met my klein ogie iets wat begin met /**p**/."*

**3** Die leerders moet goed na die uitgestalde items kyk om iets te vind wat met daardie klank begin. As hulle "piesang" reg raai, is dit hulle beurt om iets te kies en te sê: *"Ek sien met my klein ogie …"*.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 58 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: pragtige, piekniek, Brakenjan, heuwel, blomme, speletjies

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Sê vir die leerders: *"Kom ons beplan 'n klaspiekniek en nooi die ander klas of die skoolhoof en nog 'n onderwyser saam. Kan julle my help om 'n uitnodiging te maak om hulle van die piekniek te vertel?"*
2. Gebruik 'n vel blaaibordpapier om die leerders se idees neer te skryf terwyl julle die uitnodiging bespreek. Begin deur te verduidelik dat ons gewoonlik *"Liewe …"* skryf wanneer ons iemand nooi. Dan skryf ons iets soos: *"Kom hou asseblief saam met ons piekniek."*
3. Vra die leerders wat jy nog in die uitnodiging moet skryf, en laat hulle jou dophou terwyl jy die woorde skryf. Gesels oor wanneer die piekniek gaan wees, hoe laat dit sal begin en wat elkeen moet bring.
4. Lewer die uitnodiging af en moedig die persoon aan om terug te skryf dat hy/sy die piekniek sal bywoon. Lees die antwoord vir die leerders.
5. Beplan die piekniek saam met die leerders, en laat hulle op die dag hulle kosblikke na 'n "piekniekplek" neem en piekniek hou.


Liewe Jakob

Kom hou asseblief môre saam met ons piekniek. Ons gaan appels en lekkers en toebroodjies eet. Ons gaan ook sap drink. Onthou om jou hoed saam te bring.

Dankie

Graad R D



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **spe | le | tjies**.
2. Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **spe** (een hop) **le** (een hop) **tjies** (een hop). Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.
3. Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 59 2021/12/10 14:15

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte




</td><td>

***Aktiwiteit 1*: Teken en ontluikende skryf**

1. Die leerders moet 'n lys kos teken wat hulle graag vir 'n piekniek wil inpak.
2. Lewer kommentaar of vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel.
3. Vra die leerders of hulle etikette wil skryf vir die kos wat hulle geteken het en of jy dit namens hulle moet skryf.
4. Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
5. Moedig die leerders aan om die woorde saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het.
6. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

</td></tr>
<tr><td>

- 'n Stel kleurprentkaarte met somers- en wintersklere
- Twee plastiekbakkies – margarien of jogurt (Een bakkie het 'n etiket met die woord **Somer** en 'n prent van 'n somerskledingstuk daarop geplak; die ander bakkie het 'n etiket met die woord **Winter** en 'n prent van 'n winterskledingstuk daarop geplak.)



</td><td>

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**


Plaas kaarte met prente van winters- en somersklere onderstebo op die tafel.

**Sorteerspeletjie**

1. Elke leerder kry 'n beurt om 'n kaart op te tel, na die prent te kyk, dit te benoem en dit dan in die regte houer te plaas.

**Geheuespeletjie**

1. Elke leerder kry 'n beurt om twee kaarte om te draai. As die prente op die kaarte bymekaar pas (albei klere vir somer of albei klere vir winter), hou hulle die kaarte.
2. As die kaarte nie pas nie (een somer en een winter), word die kaarte weer onderstebo terug op die tafel gesit en die volgende leerder kry 'n beurt.



</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>



***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

1. Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.
2. Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
3. Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
4. Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 60 2021/12/10 14:15

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • 'n Fotokopie van die **Aantrek-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Verskillende stukke lap of kleurpapier, stukkies tou<br>• Skêre<br>• Gom<br> | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n aktiwiteitsblad met die buitelyn van 'n kind se liggaam en gesels oor die verskillende liggaamsdele.<br>**2** Verduidelik vir die leerders dat hulle hulself moet verbeel dat die buitelyn op die aktiwiteitsblad 'n prentjie van hulself is en dat hulle hulself gaan aantrek. Hulle moet stukkies lap (of kleurpapier) uitknip en dit dan op die bladsy plak om winters- of somersklere te maak.<br>**3** Hulle kan oë, ore, 'n neus en 'n mond teken, en stukkies tou opplak vir hare. |
| • Rekwisiete: mandjie, kammakos, plastiekbekers en -borde, 'n kombers, sonbrille, hoede, 'n sambreel, sonroom | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle 'n kammapiekniek gehou het. Besoek die hoekie om die leerders se voorgee-spel waar te neem en aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 61 2021/12/10 14:15

# ★ Juffrou Akinyi

## Storie



My naam is Mandisa en dit is my maatjie, Thabo. Dit is ons juffrou. Haar naam is juffrou Akinyi en sy is baie lief vir ons. Juffrou Akinyi leer vir ons baie dinge.

Maandag leer ons van verskillende kleure en vorms: "Hierdie pet is geel, die stewel is bruin, die sirkel is pers en die lemoen is oranje." Ons kyk in die klas rond vir nog kleure en vorms.

Dinsdag sê juffrou Akinyi: "Vandag gaan ek vir julle stories van spesiale en belangrike mense vertel." Ons het prente klas toe gebring sodat ons oor die spesiale en belangrike mense in ons lewens kan praat. Thabo het 'n prent van mnr. Mandela gebring. Ek het 'n foto van my pappa gebring wat vir my 'n mooi storie lees.

Woensdag leer ons van verskillende soorte vervoer wat mense gebruik om na verre plekke te reis. Ons leer hoe mense by die werk of die skool kom. Ek ry op 'n bus skool toe. Thabo sê: "Ek ry in 'n taxi wanneer ek in die vakansie by my ouma gaan kuier."



Donderdag sê juffrou Akinyi: "Kom ons gaan buitentoe sodat ons kan leer van boerdery en hoe om mielies te plant." Ons grawe 'n gat, gooi kompos daarin en plant 'n mieliesaadjie. Ek dra 'n emmer water aan om die mielieplant nat te gooi.

Vrydag vertel ons vir die klas ons eie stories. Thabo vertel hierdie storie: "Ek het 'n lemoen in my sak gehad, toe probeer die bok dit steel!" Die hele klas skater van die lag: "Hahahahaha-hiehiehie!"

Juffrou Akinyi is die beste onderwyser in die hele wêreld. Ek is baie lief vir haar. Wanneer ek grootword, wil ek so 'n goeie onderwyser soos juffrou Akinyi word.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***

## Liedjie

Sewe dae in 'n week, sewe dae in 'n week
Ons kan hulle tel, ons kan hulle tel.
Daar's Maandag, Dinsdag, Woensdag en
Donderdag, Vrydag, Saterdag,
Sondag is 'n spesiale dag
Sewe dae in 'n week.



*(Sing op die wysie van "Three Blind Mice" of gebruik jou eie wysie.)*

## Woordeskat uit die storie

| **Sleutel-woorde:** | **onderwyser** | **maatjie** | **spesiale** | **belangrike** | **vervoer** | **grootword** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | oranje | geel | pers | bruin | boerdery | buitentoe |
| | emmer | foto | lag | sak | bok | beste |





Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 63 2021/12/10 14:15

# Week 1 Dag 1

**Jy benodig:**

- Storie: *Juffrou Akinyi*
- Handpoppe: Juffrou Akinyi, Mandisa, Thabo, plakkaat van Pappa wat vir Mandisa lees, plakkaat van Nelson Mandela, taxi, bus, mielieplant, emmer
- Rekwisiete: voorwerpe of prente van 'n geel pet, 'n bruin stewel, 'n pers sirkel en 'n lemoen, emmer, plantjie in 'n pot, speelgoedtaxi en -vliegtuig
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Twee oë om te sien**

Twee oë om te sien,<br>
Twee ore om te hoor,<br>
Twee bene om te stap en draf, o ja!<br>
Hier is my hande –<br>
Gee joune vir my –<br>
Tyd vir stories, hoera!

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Watter dag is dit vandag? Watter dag is dit môre? Watter dae kom ons skool toe? Hoe kom julle by die skool?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Jy kan voor die les 'n paar kollegas of ouers vra hoe om 'n paar van die woorde in die leerders se huistale te sê. Dit sal die leerders help om abstrakte woorde soos "spesiale" te verstaan.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme.

2.2 Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.3 Terwyl jy die storie vertel, kan jy die leerders vra watter dag na elke dag van die week volg. Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Hoe dink julle kom Thabo by die skool? Wat het 'n saadjie nodig om goed te kan groei? Hoekom dink julle is Thabo se sak geskeur?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"geel, gaan, grawe, gat, gooi. Kan julle die fokusklank hoor? **G**eel, **g**rawe, **g**ooi. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**g**/."*
2. "*Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**g**/ begin: glas, graaf, gans, geld, gom.*" (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**g**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**g**/ te sê: "**g-g-g**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **g** ("gee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 64 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie




# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle 'n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê 'n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**g**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**g**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan voorgee hulle is monsters en vir mekaar "**gggg**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **g** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, en gaan in die rondte om, maak die sirkel toe, dan op en af tot onder en om."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met 'n stok in die sand te skryf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 65 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Rekwisiete: voorwerpe of prente van 'n geel pet, 'n bruin stewel, 'n pers sirkel en 'n lemoen, emmer, plantjie in 'n pot, speelgoedtaxi en -vliegtuig
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **g** begin: glas, gans, graaf, geld, gom



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: *"Kom ons noem al die kleure wat ons ken. Watter kleur is 'n lemoen? Wie kan onthou watter kleur die stewel was?"*
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: **g**las, **g**eld, **g**om. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik 'n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *"Dit is hoe ons **g** skryf."* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 66 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Handpoppe vir die storie of voorwerpe of prente van sommige van die dinge in die storie

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*



# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.

### Luister vir fokusklanke

1. Verduidelik vir die leerders dat julle die speletjie, *"Ek sien met my klein ogie"*, met handpoppe en rekwisiete uit die storie oor juffrou Akinyi gaan speel. Laat hulle na die uitgestalde handpoppe, voorwerpe en prente kyk.
2. Kies iets uit die storie sonder om vir die leerders te vertel waaraan jy dink. Gee dan baie duidelik vir hulle die eerste klank van die woord as 'n leidraad. Byvoorbeeld: As jy dink aan die prent van mnr. Mandela, sê: *"Ek sien met my klein ogie iets wat begin met /**m**/."*
3. Die leerders moet goed na die uitgestalde items kyk om iets te vind wat met daardie klank begin. As hulle "mnr. Mandela" reg raai, is dit hulle beurt om iets te kies en te sê: "*Ek sien met my klein ogie …*".
4. Nadat julle hierdie speletjie met handpoppe en rekwisiete uit die storie gespeel het, kan jy sê: *"Nou gaan ons die speletjie weer speel, maar oral in die klas rondkyk. Luister mooi: Ek sien met my klein ogie iets wat begin met /**d**/. Ja, dit is 'n deur!"* Gee die leerders 'n beurt om iets in die klaskamer te soek en te sê: *"Ek sien met my klein ogie …"*.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 67 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- 'n Groot vel blaaibordpapier
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: Maandag, stewel, vakansie, mielies, belangrike, foto




# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Nooi iemand om 'n kort praatjie vir die klas te kom lewer. (Jy kan 'n ander personeellid of die skoolhoof vra, of iemand uit die gemeenskap.) Vra hulle om met die leerders oor iemand spesiaal in hulle lewe te praat.
2. Skryf ná die praatjie saam 'n bedankingskaartjie aan die persoon.
3. Sê vir die leerders: *"Kom ons skryf 'n dankiesê-kaartjie om dankie te sê vir die praatjie. Kan julle my help om 'n dankiesê-kaartjie te maak wat sê hoeveel ons dit geniet het om na die storie te luister?"*
4. Gebruik karton of blaaibordpapier om die leerders se idees neer te skryf terwyl julle bespreek wat om op die dankiesê-kaartjie te skryf. Begin deur te verduidelik dat ons gewoonlik *"Liewe …"* skryf wanneer ons iemand bedank. Dan kan ons iets skryf soos: *"Dankie dat jy met ons kom gesels het."*
5. Vra die leerders wat jy nog in die kaartjie moet skryf, en laat hulle jou dophou terwyl jy die woorde skryf. Vra hulle wat hulle van die praatjie geniet het en maak voorstelle om hulle te help om hulle idees uit te druk.
6. Lees die voltooide kaartjie saam met die leerders. Wys na elke woord terwyl jy lees. Vra 'n paar leerders om prente met vetkryte te teken om die kaartjie te versier en reël dan dat hulle dit by die persoon aflewer.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **va | kan | sie**.
2. Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **va** (een hop) **kan** (een hop) **sie** (een hop). Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.
3. Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 68 2021/12/10 14:15

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte






*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.*


</td><td>

***Aktiwiteit 1*: Teken en ontluikende skryf**

1. Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2. Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".
3. Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle. Byvoorbeeld: *"Het julle gehou van die deel waar die bok probeer het om Thabo se lemoen te steel?"*
4. Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
5. Lewer kommentaar of vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel.
6. Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf. Party leerders sal dalk net 'n paar woorde oor hulle prent kan sê.
7. As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Die bok … probeer … die … lemoen … Watter woord wou jy volgende sê? Steel. Ek gaan die woord 'steel' skryf."*
8. Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
9. Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

</td></tr>
<tr><td>

- **Legkaarte**



</td><td>

***Aktiwiteit 2*: Legkaarte en speletjies**

1. Die leerders moet die legkaart bou om 'n prent uit die storie te maak. Hulle kan na die opeenvolgende prente kyk om die prent te vind en dit dan as hulp gebruik wanneer hulle die legkaart bou.

</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>


***Aktiwiteit 3*: Selfstandige lees**



1. Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.
2. Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
3. Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
4. Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>




Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 69 2021/12/10 14:15



| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Fotokopie van die **Taxi vir Thabo-aktiwiteitsblad**<br> | ***Aktiwiteit 4*: Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Elke leerder kry 'n aktiwiteitsblad met 'n minibus sonder wiele en vensters.<br>**2** Die leerders moet vier vensters en twee wiele op die minibus teken en ook 'n prent van Thabo by die venster. |
| • Rekwisiete: voorwerpe of prente van 'n geel pet, 'n bruin stewel, 'n pers sirkel en 'n lemoen | ***Aktiwiteit 5*: Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en vra hulle om rustig te raak.<br>**2** Lees die reëls vir die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete.<br>**3** Verduidelik vir die leerders dat hulle hierdie week juffrou-juffou gaan speel. Hulle kan stoele in rye pak om die klas voor te stel. Die "juffrou" kan rekwisiete (voorwerpe van verskillende kleure) gebruik om kleure te "onderrig". Die "juffrou" kan ook voorgee om vir die klas 'n storie te "lees".<br> |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 70 2021/12/10 14:15





**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend



1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"lief, leer, lemoen, lees. Kan julle die fokusklank hoor? **L**ief, **l**eer, **l**emoen, **l**ees. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**l**/."*
2. "*Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**l**/ begin: lepel, liniaal, leeu, lekker.*" (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**l**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**l**/ te sê: "**l-l-l**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **l** ("el"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 71 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Juffrou Akinyi*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**l**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**l**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan byvoorbeeld 'n denkbeeldige suigstokkie suig en "**lllekker**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **l** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan regaf."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letters oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 72 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Sirkels en vierkante van verskillende groottes uit karton geknip, en prente van voorwerpe in die vorm van 'n sirkel of vierkant
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **l** begin: lepel, liniaal, leeu, leer, lemoen, lekker, lippe, lint, luiperd



# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Vra die leerders om by hulle tafels te sit en stil en rustig te raak.
2. Begin vandag se luisteraktiwiteit deur te sê: *"Kom ons maak ons oë toe en wees vir 'n paar minute stil terwyl ons goed na die geluide om ons luister."* Sê nou vir die leerders om hulle oë oop te maak en te gesels oor die geluide wat hulle gehoor het. Praat oor watter klanke naby aan hulle is (harder) en watter verder weg is (sagter). Vertel nou vir die leerders dat hulle 'n aktiwiteit gaan doen waarin hulle baie goed moet luister wanneer jy praat.
3. Herinner die leerders aan die vorm van 'n vierkant. Wys vir hulle prente van vierkante van verskillende groottes en noem dat hulle van vierkante geleer het in die storie van Ali en die verf. Wys dan vir hulle prente van sirkels. Vra: *"Hoe verskil hulle?"* ('n Vierkant het vier hoeke en 'n sirkel het geen hoeke nie.) Vra die leerders om sirkels en vierkante in die klaskamer uit te wys. Demonstreer dan hoe om 'n sirkel met jou arms te maak en hoe om 'n vierkant met jou hande en voorarms te maak.
4. Sê vir die leerders dat hulle 'n sirkel met hulle arms moet maak wanneer jy vir hulle 'n prent van 'n sirkel wys of die woord "sirkel" sê. Wanneer jy "vierkant" sê, moet hulle 'n vierkant met hulle arms en voorarms maak.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon, byvoorbeeld: lllepel, lllemoen. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê. Gebruik 'n spieël sodat hulle kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys en sê: *"Dit is hoe ons **l** skryf."* Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 73 2021/12/10 14:15

**Jy benodig:**

- Velle papier met die naam van 'n kleur in daardie kleur daarop geskryf
- Voorwerpe in die kleure van die woorde op die papier
- Handpoppe vir die storie of voorwerpe of prente van sommige van die dinge in die storie

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite


### Lees en doen

1. Verdeel die leerders in groepe en gee vir elke groep 'n vel papier met die naam van 'n kleur daarop geskryf. Hulle moet voorwerpe vind wat by die kleur pas en dit op die bladsy neersit.
2. Bespreek die skakerings van kleure.




### Luister vir fokusklanke

1. Verduidelik vir die leerders dat julle die speletjie, *"Ek sien met my klein ogie"*, met handpoppe en rekwisiete uit die storie oor juffrou Akinyi gaan speel. Laat hulle na die uitgestalde handpoppe, voorwerpe en prente kyk.
2. Kies iets uit die storie sonder om vir die leerders te vertel waaraan jy dink. Gee dan baie duidelik vir hulle die eerste klank van die woord as 'n leidraad. Byvoorbeeld: As jy dink aan die prent van mnr. Mandela, sê: *"Ek sien met my klein ogie iets wat begin met /**m**/."*
3. Die leerders moet goed na die uitgestalde items kyk om iets te vind wat met daardie klank begin. As hulle "mnr. Mandela" reg raai, is dit hulle beurt om iets te kies en te sê: *"Ek sien met my klein ogie …"*.
4. Nadat julle hierdie speletjie met handpoppe en rekwisiete uit die storie gespeel het, kan jy sê: *"Nou gaan ons die speletjie weer speel, maar oral in die klas rondkyk. Luister mooi: Ek sien met my klein ogie iets wat begin met /**d**/. Ja, dit is 'n deur!"* Gee die leerders 'n beurt om iets in die klaskamer te soek en te sê: *"Ek sien met my klein ogie …"*.





## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 74 2021/12/10 14:15

# Week 2 Dag 5

**Jy benodig:**

- Potjies, grond, water, saadjies (per tafelgroep)
- Blaaibordpapier
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: Maandag, stewel, vakansie, mielies, belangrike, foto



## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

**1** Begin deur te demonstreer hoe om 'n saadjie te plant deur 'n pot, 'n saadjie, grond en water te gebruik.

**2** Gesels oor elke stap terwyl jy die saadjie plant.

**3** Verdeel die leerders in groepe van ses en laat elke groep 'n saadjie in 'n pot plant.

**4** Verduidelik vir die leerders dat hulle jou moet help om 'n lys te skryf van die stappe wat ons volg om 'n saadjie te plant.

**5** Skryf die volgende opskrif op blaaibordpapier: Hoe om 'n saadjie te plant.

**6** Vra die leerders wat hulle eerste gedoen het, en skryf dit langs nommer 1 op die papier. Praat hardop terwyl jy skryf en teken 'n eenvoudige prent langs die stap wat jy neergeskryf het.

**7** Doen dieselfde met die ander stappe en vra die leerders om die stappe saam met jou te "lees" wanneer jy klaar is.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **ste | wel**.

**2** Kies 'n leerder om op te staan en op elke lettergreep te hop: **ste** (een hop)
**wel** (een hop). Vra die leerder om weer te hop, en nou moet die leerders op elke hop klap.

**3** Laat die leerders beurte neem om na 'n woord uit die lys te luister en te hop terwyl hulle dit in lettergrepe verdeel.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 75 2021/12/10 14:15

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br> | ***Aktiwiteit 1*: Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n vel papier en vetkryte en verduidelik dat hulle 'n prent gaan teken van iemand wat vir hulle baie spesiaal en belangrik is – dit kan 'n familielid, 'n maat of iemand wees wat hulle nie ken nie, maar wat hulle dink baie spesiaal en belangrik is.<br>**2** Lewer kommentaar of vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel en te verduidelik hoekom die persoon wat hulle geteken het so spesiaal is.<br>**3** Vra die leerders om te probeer om die persoon se naam te skryf. As hulle sukkel, kan jy dit vir hulle skryf. |
| • **Legkaarte**<br> | ***Aktiwiteit 2*: Legkaarte en speletjies**<br>**1** Die leerders moet die legkaart bou om 'n prent uit die storie te maak. Hulle kan na die opeenvolgende prente kyk om die prent te vind en dit dan as hulp gebruik wanneer hulle die legkaart bou. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3*: Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |
| • 'n Fotokopie van die **Kronkelpad-aktiwiteitsblad**<br> | ***Aktiwiteit 4*: Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Elke leerder kry 'n aktiwiteitsblad van 'n pad wat van een hoek van die papier na die ander kronkel.<br>**2** Die leerders moet die pad van Thabo na Ouma se huis in een kleur volg. Hulle moet 'n ander kleur gebruik wanneer hulle weer terug huis toe gaan. Hulle moet versigtig wees om nie van die kronkelpad af te beweeg nie.<br>**3** Wanneer hulle weer by die "huis" kom, kan hulle prente teken van al die dinge wat hulle langs die pad gesien het, soos diere, bome en mense. |
| • Rekwisiete: voorwerpe of prente van 'n geel pet, 'n bruin stewel, 'n pers sirkel en 'n lemoen | ***Aktiwiteit 5*: Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle juffrou-juffrou gespeel het. Besoek die hoekie om die leerders se voorgee-spel waar te neem en aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 76 2021/12/10 14:15

# ★ Notas

# ★ Kwartaal 1: Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys)

| | Luister en praat | | | | | Klanke, Lees en kyk | | | | | | | Handskrif en Ontluikende skryf | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ✓ Bereik<br>• Byna bereik<br>× Nog nie bereik nie | Luister na eenvoudige instruksies en voer dit uit. | Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye. | Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit (met hulp). | Vra vrae. | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille. | Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van hulle eie naam. | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap of gebruik tromslae op elke lettergreep in die woord of identifiseer die hoeveelheid lettergrepe (klappe) in die name van die kinders in die klas. | Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier. | Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies. | Herken eie naam en die name van sommige maats in die klas. | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek/klaskamer se leeshoekie. | "Lees" vergrote tekste soos gedigte, Groot Boeke en plakkate as 'n heleklas-aktiwiteit saam met die onderwyser (Gedeelde lees). | Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms ens. uit te knip. | Hou vetkryte reg vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep. | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting. | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie. | Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra. | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken. | Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete. Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies. |
| **Datum** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Name** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 78 2021/12/10 14:15

# Kwartaal 1: Luister en praat Rubriek 1 en 2

| Assesseringskriteria | Level 1<br>Nie bereik nie | Level 2<br>Gemiddelde prestasie | Level 3<br>Bevredigende prestasie | Level 4<br>Uitnemende prestasie |
|---|---|---|---|---|
| **Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde** | Kan nie stories vertel en oorvertel nie; kan net 'n paar woorde sê. | Beperkte oorvertelling; noem slegs enkele gebeure; volgorde moontlik nie korrek nie; gebruik kort sinne en eenvoudige woordeskat. | Kan die meeste gebeure in die storie oorvertel, met 'n begin, middel en einde, maar met baie min besonderhede; benodig aanmoediging, soos: "en toe …"; "wat het volgende gebeur?"; begin langer sinne gebruik. | Storie volg 'n logiese volgorde en het 'n begin, middel en einde; karakters en agtergrond is in besonderhede beskryf; menings en gevoelens van karakters is beskryf; gebruik langer en ingewikkelder sinne en voeg woorde bymekaar, soos "en toe"; "daarna het"; gebruik nuwe woordeskat uit die storie. |
| **Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is** | Kan nie 'n stel kaarte in die korrekte volgorde rangskik nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde, maar kan nie die storie vertel nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n eenvoudige storie vertel. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n storie met toepaslike besonderhede vertel. |

# ★ Kwartaal 1: Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | Level 1<br>Nie bereik nie | Level 2<br>Gemiddelde prestasie | Level 3<br>Bevredigende prestasie | Level 4<br>Uitnemende prestasie |
|---|---|---|---|---|
| **Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel** | Kan nie enige letters herken of die klanke sê wat hierdie letters maak nie. | Kan 1–3 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 4–6 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 7–8 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. |
| **Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde** | Herken nie dat woorde uit klanke bestaan nie; kan nie die beginklank van eie naam of ander woorde gee nie. | Kan beginklank van eie naam gee, maar sukkel om beginklanke vir ander woorde te gee. | Kan beginklank van eie naam gee; kan beginklanke van party ander woorde gee. | Kan konsekwent beginklank van eie naam en ander woorde gee. |
| **Maak eie storie op deur die prente te "lees"** | Kan nie prente gebruik om te voorspel waaroor storie handel nie; beskryf prente met gebruik van baie beperkte taal. | Gebruik prente om die storie te voorspel en te beskryf, maar benodig hulp. | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; gebruik moontlik 'n "leesstem". | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; toon begrip dat prente en woorde verwant is, maar tog verskil; gebruik 'n "leesstem"; wys na woorde wanneer hy/sy "lees". |

# ★ Kwartaal 1: Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | Level 1<br>Nie bereik nie | Level 2<br>Gemiddelde prestasie | Level 3<br>Bevredigende prestasie | Level 4<br>Uitnemende prestasie |
|---|---|---|---|---|
| **Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede** | Sukkel om fynmotoriese aktiwiteite te voltooi; vermy take of raak gefrustreerd. | Kan sommige fynmotoriese aktiwiteite voltooi, maar neem tyd; werk onakkuraat. | Kan die meeste fynmotoriese aktiwiteite voltooi; raak meer akkuraat en werk doeltreffender. | Voltooi fynmotoriese aktiwiteite met selfvertroue, akkuraatheid en gemak. |
| **Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee** | Tekening is onherkenbaar of bevat slegs krabbels of sirkels met lyne. | Tekening is herkenbaar, maar hou nie met die storie, liedjie of rympie verband nie. | Teken 'n kleurvolle prent wat met 'n storie verband hou; tekeninge van hoofkarakters bevat sommige van die volgende: bene, arms, hande, voete, oë, neus, mond, ore. | Teken 'n kleurvolle, gedetailleerde prent wat met 'n storie verband hou; sluit hoofkarakter met besonderhede soos klere in. |
| **Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels** | Kan nie idees voorstel deur te teken of te skryf nie. | Stel idees voor deur te teken, maar geen bewyse van voorgee-skrif of krabbels nie. | Verstaan dat skryf en teken verskil: gee voor om te skryf deur krabbels te gebruik. | Verstaan dat skryf en teken verskil en begin om te "skryf" deur 'n mengsel van nagebootste letters en krabbels te gebruik; boots moontlik letters en getalle in die klaskameromgewing in eie skryfpogings na. |

# ★ Hoe om speeldeeg te maak

## Jy benodig




- 1 koppie meel
- ¼ koppie sout
- ½ koppie warm water
- 5 druppels koskleursel

## Stappe

1. Meng die meel en sout.
2. Meng 'n ½ koppie warm water en 'n paar druppels koskleursel.
3. Gooi die water stadig in die meelmengsel en roer terwyl jy dit ingooi. Roer tot dit goed gemeng is, en knie dit dan met jou hande totdat dit 'n deeg vorm. As die deeg te taai is, kan jy nog meel bygooi.
4. Herhaal hierdie stappe met verskillende kleure koskleursel.



*Maak die speeldeeg 'n bietjie warm deur dit in jou hande te druk. Dit is 'n goeie oefening vir kinders se handspiere. Bêre die speeldeeg in plastieksakke om dit vars te hou en hou dit in die yskas, indien moontlik, of in 'n koel plek.*


# ★ Hoe om 'n klein boekie te maak

## Stappe


1. Maak fotokopieë van die klein boekie wat jy benodig.




2. Met die prente na bo, vou die bladsy in agt dele. Vou dit weer oop.




3. Vou die bladsy in die helfte, in die middel af.




4. Knip op die middelste vou, soos aangedui in die illustrasie hiernaas en die stippellyne op die klein boekies.




5. Hou die papier aan albei kante tussen jou vinger en jou duim vas.





6. Bring jou hande af en bymekaar.





7. Maak 'n biblioteek vir die klein boekies deur almal in 'n klein houer te bêre – 'n jellieboksie werk baie goed!















Activity Guide Term 1_AFRIKAANS.indd 84 2021/12/10 14:15


1
2










6



5



4



3

Hierdie boek behoort aan:

.............................................

# Die groen rok



Wordworks
Changing lives through literacy



1



2

Hierdie boek behoort aan:

..............................................

Hardloop, Lindi, hardloop



Wordworks
Changing lives through literacy



1



2

3



4



5



6



6



5



4



3



Hierdie boek behoort aan:

.............................................

# Ali en die verf



Wordworks

Changing lives through literacy




1



2

6



5



4



3




Hierdie boek behoort aan:

..............................................

# ’n Pragtige dag





1



2


Hierdie boek behoort aan:

..........................................


Juffrou Akinyi



African Storybook.org




1



2


3



4




5




6





Aan: ......................
Van: ....................


***Ali en die verf:*** *Geskenkpapier-aktiwiteitsblad*





***Ali en die verf:*** *Vorms-aktiwiteitsblad*



- 1 son
- 1 boom
- 1 piekniekkombers
- 2 appels
- 3 piesangs







↓ Vou hier ↓

↑ Hou hier op knip ↑

